

DANIE NELL
GESINDHEID
AS JY JOU GESINDHEID KAN VERANDER
VERANDER JY JOU TOEKOMS!

DANIE NELL

# GESINDHEID

AS JY JOU GESINDHEID KAN VERANDER
VERANDER JY JOU TOEKOMS

# G E S I N D H E I D

## *AS JY JOU GESINDHEID KAN VERANDER, VERANDER JY JOU TOEKOMS*

## Danie Nell

*Skrifaanhalings uit die Afrikaanse Bybel 1953 en 1983 vertalings, met toestemming van die Bybelgenootskap van S.A. Waar ander vertalings gebruik word, sal dit aangedui word.*

**Eerste uitgawe 2017**
**ISBN 978-0-620-75230-5**

**-**

**Kopiereg @ Danie Nell 2017**

**BESTELLINGS:**
Danie Nell
Posbus 1282
Jeffreysbaai. 6330 Suid Afrika
Epos: danie.nell1937@gmail.com

**DRUKWERK: Blitsdruk van George**
**Tel. 044-8745014.**
**Epos: info@blitsdruk.co.za**

# *DANK & WAARDERING*

**OPGEDRA AAN:**

*Elkeen wat begeer om die Gesindheid van Jesus uit te leef waar hulle ookal mag kom sodat hulle kan bereik wat ons beter verstaan in Engels as, "to impact their world."*

**WAARDERING**

*Aan so baie wat my aangemoedig het om hierdie boek te skryf.*

**Dankie vir Redigering:**

*Brenda Bosch; Riaan Gouws;*
*Carin Bronkhorst; Frieda van Heerden*
*Annelea Viljoen*

**BUITEBLAD & MANUSKRIP**

**Ontwerp & Uitleg:**

*Adele Visser:*
Sel: 082-600-3601.
Envission Graphic & Web Design
www.visser969.wixsite.com/envission
Epos: visser969@gmail.com

# *I N H O U D*

*HOOFSTUK 1*

**WAT GESINDHEID IS EN HOE HELP DIE REGTE GESINDHEID?**

Gesindheid: Hoe jy **dink en voel** ............................................................ 10

Paulus leer die **Filippense** oor gesindheid ............................................. 13

Wanneer **"donker dae"** oor ons kom ..................................................... 17

*HOOFSTUK 2*

**LEER UIT JESUS SE GESINDHEID**

Die Evangelie van **Matthéüs** is vol van gesindheid .................................... 20

Ons gesindheid teenoor 'n **Storm** ............................................................ 24

Ons gesindheid teenoor **Mense in Nood** .................................................. 26

Jesus se Gesindheid teenoor **Verlore Skape** ............................................. 27

Jesus se Gesindheid teenoor **Die Gebrokenes** .......................................... 27

Ons gesindheid teenoor die **Sabbat** ......................................................... 30

Ons gesindheid oor **Negatiewe Kritiek** ..................................................... 31

Hoe jy dink en voel sal bepaal hoe jy **Praat** ............................................... 32

Wanneer ons God se Woord **Verkondiging** ............................................... 34

Wanneer mense ons **Aanstoot** gee ........................................................... 35

*HOOFSTUK 3*

**REGTE GESINDHEDE SAL DIE KERK LAAT GROEI**

Hoe het die Kerk gegroei in **Jerusalem**? .................................................. 38

*HOOFSTUK 4*

**DIE REGTE GESINDHEID KAN BEVRYDING BRING**

Die **Kananése vrou** in Matthéüs 15 .......................................................... 42

*HOOFSTUK 5*

**VERKEERDE GESINDHEID WERK SOOS SUURDEEG**

Die gesindheid van die **Fariseërs en Sadduseërs** .................................... 45

*HOOFSTUK 6*

**MY GESINDHEID AS EK JESUS WIL VOLG**

Ons gesindheid as ons Jesus se **dissipel** wil wees ..................................... 48

*HOOFSTUK 7*

**TOETS JOU GESINDHEID**

Jou gesindheid oor **belasting**? ...................................................................... 50

Wat moet ons gesindheid wees teenoor **kinders**? ..................................... 52

Wat is jou gesindheid rakende **vergifnis**? ................................................... 53

Wat is ons gesindheid teenoor **geskeide mense**? .................................... 54

Ons gesindheid teenoor **rykdom** .................................................................. 57

Jou gesindheid teenoor **geld** en **besittings**? ............................................... 58

Hoe is jou gesindheid wanneer jy moet **gee**? ............................................... 59

Ons gesindheid wanneer dit kom by **vergoeding** ....................................... 61

Ons gesindheid rakende my **posisie** in die lewe ....................................... 62

Ons gesindheid rakende die **plek van aanbidding**? .................................. 63

Is Jy 'n Ware **Aanbidder**? ................................................................................ 64

Wanneer ons mense nooi na **God se bruilof** ............................................... 71

Jou gesindheid rakende die **Groot Gebod** .................................................... 72

Wat is jou gesindheid teenoor die **eindtyd**? ................................................. 73

Die Groot Opdrag is om te **Evangeliseer** ................................................... 76

Wanneer jy **beledig en verkleineer** word ................................................ 77

*HOOFSTUK 8*

**'N GOEIE GESINDHEID VEREIS DISSIPLINE**

'n Persoon met die regte gesindheid is **entoesiasties** ................................ 80

Hoe is jou gesindheid wanneer jy moet **wag**? ............................................ 82

Wat is jou gesindheid teenoor **gebed en vas**? ............................................. 83

Wat is jou gesindheid teenoor **studie**? ...................................................... 87

Wat is jou gesindheid teenoor **jouself**? ..................................................... 89

Jou Gesindheid sal die vlak van **Geloof** bepaal .......................................... 88

Jou Gesindheid kan Deure **Oopmaak** ......................................................... 90

Wat  van **Onderwerping?** .......................................................................... 91

Wat van wanneer jy moet **Dien**? ................................................................. 92

Wat van wanneer jy moet **Luister**? ............................................................. 93

Glo dat **"Goedheid en Guns**"jou sal volg ................................................... 95

Wat is jou Gesindheid teenoor die **Dood** ..................................................... 96

Wat is jou Gesindheid teenoor **Waarheid?** ................................................. 97

*ADDENDUM*

**'N PRAKTIESE VOORBEELD**

Praktiese voorbeelde van 'n goeie gesindheid .......................................... 100

Die **Sunamitiese vrou** in 2 Konings 4 ...................................................... 101

**Dink Anders** en Verander Jou Gesindheid *(deur Riaan Gouws)* ................. 106

*HOOFSTUK 1*

# WAT GESINDHEID IS EN HOE KAN DIE REGTE GESINDHEID HELP?

## GESINDHEID –
## Hoe Jy Dink en Voel

D**IE** ‘Collins Dictionary sê die volgende oor gesindheid:

“*Your attitude to something is the way that you think and feel about it, especially when this shows in the way you behave.”*

*Jou gesindheid is hoe jy dink en voel oor mense en dinge.*

Onthou die woorde: Hoe jy “dink” en “voel” want dit beskryf jou gesindheid.

In Filippense 2:5 lees ons:

> ***"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was."***

Die Boodskap:

> ***"Julle moet Christus Jesus se voorbeeld volg. Soos Hy oor dinge gedink en gevoel het, so moet julle ook daaroor dink en voel..."***

The Amplified Bible:

> ***"Let this same attitude and purpose and humble mind be in you which was in Christ Jesus. – Let Him be your example in humility."***

Oor gesindheid, som Paulus dit op in Rom. 12:2-21:

> ***"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. (m.a.w. 'julle gesindheid') ...Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees...Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld...***
>
> ***Moenie in jul toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here. Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed. Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid. Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie. Wees bly saam met dié wat bly is en treur met dié wat treur. Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges.***

> ***Moenie eiewys wees nie. Moenie kwaad vir kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is, sovêr dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God...As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink;...Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.”*** *(Nuwe Afrikaanse vertaling)*

Paulus skryf in Fil. 2:5 oor gesindheid nadat hy leer dat ons nie dinge moet doen uit selfsug nie, maar in nederigheid en om ander hoër te ag as onsself. Ook dat ons nie net na ons eie belange sal omsien nie, maar ook na ander se belange en behoeftes. (Fil. 2:3,4) Dit laat ‘n mens nogal dink?

Soos die mens dink, so is hy! (Spr. 23:7). Soos jou gesindheid is, so sal jy wees!

Ek het die volgende uitdrukking gehoor:

*“Your attitude determines your altitude.”*

Iemand het die woord gesindheid omskryf as: *“Hartsingesteldheid”*

**‘n Belydenis**

*“Vir meer as 40 jaar wens ek vriende geluk op hul verjaarsdae, maar ek bely dat daar dae was dat ek vir sommige van hulle nie meer wou gelukwens nie omdat hulle my nog nooit geluk gewens het op my verjaarsdag nie. Maar vandat ek ‘n studie begin maak het oor*

*gesindheid het die Here my hart verander en het ek besluit om voort te gaan en nog met entoesiasme hierdie vriende te kontak en hul geluk te wens met hul verjaarsdag asook op die herdenking van hul huwelik."*

## Regte Gesindheid - Regte Integriteit

Integriteit is om te kies wat reg is; dit is wie jy is as daar niemand is wat jou dophou nie; dit is om te leef dat God en mens jou kan vertrou; dit is om God se beste na te jaag in elke area van jou lewe.

As jou gesindheid reg is dan sien jy jouself as 'n wenner en nie 'n verloorder nie. Dan glo jy in die belofte wat God aan ons gegee het in Gen. 1:28, naamlik om te heers.

As ons dus ons gedagtes in ons binneste verander, sal ons dade dit wys aan die buitekant. Die sleutel van sukses is in jou denke. Iemand het gesê:

*"I want to see the future and live there."*

Wat is erger as om blind te wees? Dit is om te kan sien sonder dat jy 'n droom en 'n passie het vir die toekoms!

## Paulus Leer die Filippense Oor Gesindheid

'n Studie van Filippense se eerste twee hoofstukke sal die moeite werd wees.

Paulus het gewys watter soort gesindheid in hom was wanneer hy aan die gemeente van die Filippense die volgende skryf:

> ***"Ek dank my God elke maal as ek aan julle dink – en ek bid altyd in al my gebede vir julle almal met blydskap..."*** *(Fil. 1:3,4)*

Jy sal die regte gesindheid hê as jy dankbaarheid kan ondervind wanneer jy aan jou mede gelowiges dink en met eerlikheid kan vertel dat jy altyd vir hulle kan bid met blydskap. Toets gerus jouself hierin, en wees eerlik teenoor jouself.

Dan skryf Paulus verder:

> ***"En ek wil hê dat julle moet weet, ...dat wat ek wedervaar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het."*** *(Fil. 1:12)*

'n Verdere toets om te bewys dat die regte gesindheid in jou is, sal wees as jy oortuig is dat die dinge wat met jou gebeur sal bydra tot die bevordering van die evangelie.

Wat is jou gesindheid teenoor predikers? Iets wat bó twyfel jou regte gesindheid sal wys is wanneer jy kan sê soos Paulus:

> ***"Sommige preek Christus wel ook uit afguns en twis, maar ander ook uit welwillendheid...Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly."*** *(Fil. 1:15-18)*

Ai, dit sal wonderlik wees as Christene sal ophou om predikers te beskuldig en aan te kla.

Paulus se gesindheid teenoor die dag dat hy sou sterwe, spreek ons aan, wanneer hy skryf:

> ***"Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins...Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; maar om in die vlees te bly, is nodiger om julle ontwil"***
> *(Fil. 1:21-24)*

Paulus leer ook die gemeente in Filippi om vergenoeg te wees.
In Fil. 4:10-12 skryf hy:

> ***"Ek het my grootliks verbly in die Here dat julle nou eindelik weer opgeleef het om aan my belange te dink; waaraan julle ook gedink het, maar julle het die geleentheid nie gehad nie. Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is. Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly."***

### *Jy ontvang nie vergenoegdheid wanneer jy tot bekering kom nie – jy moet "leer" om vergenoeg te wees*

Maak 'n studie van Fil. 4:15-19 en jy vind dat Paulus 'n gesindheid van dankbaarheid gehad het omdat hierdie gemeente vir hom gesorg het.

Hy sluit hierdie deel af om hulle in kennis te stel dat, omdat hulle vir hom gegee het, moet hulle weet God sal vir hulle ook gee.

In die baie bekende vers 19 sê hy:

> ***"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."***

Ek verbaas my altyd wanneer ek hoor hoe baie Fil. 4:19 aangryp as 'n belofte dat die Here vir hulle sal voorsien.

Natuurlik wil God vir ons voorsien, daarmee het ek geen probleem nie. Maar in hierdie Skrifgedeelte sê Paulus vir die gemeente in Filippi dat omdat hulle in sy behoefte voorsien het sal God ook in hulle behoefte voorsien.

Indien jy 'n lewe leef om te gee aan ander kan jy verseker wees dat die Here ook aan jou sal gee.

In Luk. 6:38 staan duidelik geskrywe:

> ***"Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."***

## Pasop vir 'n Gesindheid van Ongeloof!

In Hebreërs 3:12 lees ons:

> ***"Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie."***

Die Lewende Bybel stel dit soos volg:

> ***"Broers, daarom moet julle oppas dat daar nie by een van julle die sondige gesindheid van ongeloof kom nie, want dit beteken dat 'n mens weier om met die lewende God iets te doen te hê."***

**Wanneer "Donker Dae" oor ons kom**

Lees Hand. 16:9-40

Ons lees in Hand. 16:9-40 dat Paulus in Filippi gekom het en 'n gebruiklike bidplek van vroue besoek het. Hier het hy Lidia ontmoet wat graag wou luister na die woord van die Here.

Sy het ook bekend gestaan as die purper verkoopster. Lidia se hele huisgesin het gelowig geword.

Maar daar het 'n slavin opgedaag wat 'n waarsêende gees gehad het – sy het eienaars gehad wat deur haar baie geld gemaak het. Hierdie vrou het 'n hele paar dae agter Paulus en Silas geloop en skreeu dat hulle dienaars van God was. Tog het Paulus 'n bose gees in haar gewaar en dié beveel om in die Naam van Jesus Christus haar te verlaat. Die bose gees het dieselfde oomblik uitgegaan.

Hulle vir wie sy gewerk het, was woedend, en het Paulus en Silas voor hul regters gebring met hierdie aanklag:

> ***"Hierdie manne bring ons stad in opskudding, omdat hulle Jode is, en hulle verkondig sedes wat vir ons nie geoorloof is om te neem nie of na te volg nie, omdat ons Romeine is."***
> ***(Hand. 16:20,21)***

Paulus en Silas het lyfstraf ontvang en is in die diepste deel van die gevangenis opgesluit. Hul voete aan 'n blok vasgemaak.
Praat nou van 'n "donker" omstandigheid waarin hierdie twee manne was? Maar wat doen hulle nou?

Hand. 16:25,26 is vir my só uitstaande:

> ***"En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenis het na hulle geluister. En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fondamente van die gevangenis geskud het. En onmiddelik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak."***

Omdat Paulus en Silas die regte gesindheid geopenbaar het, het hul lofprysing nie net hul traliedeure oopgemaak nie, maar let op, ook dié van die ander gevangenis. As ons gesindheid, soos hierdie twee manne s'n kan wees, sal ons bevryding bring vir ander mense om ons.

Die aardbewing het die tronkbewaarder wakker gemaak, en toe hy sien die deure van die gevangenis is oop, wou hy homself met 'n swaard om te lewe bring. Paulus het hom gekeer om dit te doen, en in daardie nag hom en sy hele gesin na Christus gelei en hulle gedoop.

Die volgende dag het die regters polisie na die tronk gestuur met die boodskap dat Paulus en Silas vrygelaat moet word.

Paulus was nie hiervoor te vinde nie. Sy antwoord was duidelik in vers 37:

> ***"Maar Paulus sê vir hulle: Hulle het ons in die openbaar onveroordeeld geslaan, ons wat Romeinse burgers is, en ons in die gevangenis gewerp, en wil hulle ons nou in die geheim uitwerp? Volstrek nie! Laat hulle self kom en ons uitlei."***

Die Polisie het hul toe gesmeek om die tronk te verlaat en hulle voor die publiek uitgelei. Praat nou van oorwinning – deur wat hier gebeur het, het Paulus en Silas meer as oorwinnaars gemaak!

Dank die Here vir Rom. 8:37:

> ***"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur hom wat ons liefgehad het."***

Jou oorwinning oor "donker tye" lê daarin dat jou gesindheid moet reg wees, om te midde daarvan, nog lof aan God te bring. Dit sal net kan gebeur as jy binne jou positief kan dink en voel.

*H O O F S T U K 2*

# LEER UIT JESUS SE GESINDHEID

## Die Evangelie van Matthéüs is vol van Gesindhede

*Blaai saam met my deur hierdie Evangelie.*

T**OE** Jesus dertig jaar oud was, het hy baie vêr geloop na die Jordaan, om deur Johannes die doper gedoop te word.

Alhoewel Jesus sonder sonde was, en nie bekering nodig gehad het nie, wou Hy gehoorsaam wees aan Sy Vader deur gedoop te word. Johannes wou Jesus nie doop nie omdat hy onwaardig gevoel het, maar Jesus se gesindheid kom duidelik na vore in Matt. 3:15, naamlik:

> ***"Jesus het hom geantwoord: 'Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen."***

Met die versoeking deur die duiwel in Matt. 4, was Jesus se gesindheid om nie toe te gee aan die duiwel se aanvalle nie, maar elke keer kon Hy sê

> ***"Daar is óók geskrywe..."***

Jesus het nie geredeneer met die duiwel nie, maar Hy het God se woord gebruik om elke versoeking te weerstaan.

Ken die Bybel sodat jy vir jou vyand kan sê: *"Daar staan geskrywe…"* God se woord is 'n swaard in jou hand.

**Matthéüs 5,6,7**

Die opskrif bo-aan die meeste Engelse Bybels lees: *"The Beatitudes"*

Deur die jare het ek my studente geleer dat vir my beteken die woorde *"The Beatitudes" eintlik "Attitudes-to-be".* Maar indien jy 'n studie maak, sal jy uitvind dat Matt. 5,6 en 7 voorwaar vol is van gesindhede.

Iemand het eenmaal vir my gesê dat die Bybel te "dik" is om te verstaan. My antwoord aan hom was, dat indien Hy God wou behaag moet hy Matthéüs 5,6 en 7 verstaan en doen. Want dié deel gaan oor gesindhede. Die evangelie is 'n boodskap van gesindhede. Ek het altyd moed vir iemand wie se gesindheid reg is, al sou hy soms foute begaan.

## Wat Leer Die "Bergpredikasie" Ons Oor Gesindhede?

- *Ons gesindheid as ons **vervolg en beledig word**. (Matt.5:10-12)*
- *Ons gesindheid as ons iets **goeds gedoen** het. (Matt.5:16)*
- *Ons gesindheid as ons moet **versoen**. (Matt.5:23-26)*
- *Ons gesindheid wanneer ons iets **beloof** het. (Matt.5:33-37)*
- *Ons gesindheid moet wees om nie te **vergeld** nie. (Matt.5:38-42)*
- *Ons gesindheid teenoor ons **vyande**. (Matt.5:43-47)*
- *Ons gesindheid as ons **goed doen** aan ander. (Matt.6:1-4)*
- *Ons gesindheid wanneer ons **bid**. (Matt.6:5-8)*
- *Ons gesindheid wanneer ons **vas**. (Matt.6:16-18)*
- *Ons gesindheid teenoor **rykdom**. (Matt.6:19-21)*
- *Ons gesindheid teenoor wat ons **sien**. (Matt.6:22,23)*
- *Ons gesindheid teenoor **behoeftes**. (Matt.6:25-34)*
- *Ons gesindheid teenoor ander se **foute**. (Matt.7:1-5)*

## Matthéüs 8

Reg in die begin van Jesus se bediening het 'n melaatse gewaag om naby Jesus te kom (Matt. 8:1-4) en voor Hom neergeval, terwyl hy uitroep:

> ***"Here, as U wil, kan U my reinig."***

Jesus se gesindheid teenoor hierdie sterwende man tref ons in vers 3:

> ***"Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan en sê: Ek wil; word gereinig! En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig."***

Watter tipe gesindheid openbaar ons teenoor hulle wat ons op ons pad teëkom? Hoe dink en voel ons teenoor hulle in nood, want dit sal bepaal hoe ons sal optree teenoor hulle.

Dieselfde optrede vind ons van Jesus toe die hoofman oor 'n honderd ('n kaptein) Jesus gesmeek het om sy lam dienskneg by sy huis te kom genees. In Matt. 8:7 lees ons:

> ***"Daarop sê Jesus vir hom: Ek sal kom en hom gesond maak."***

Die wêreld sal 'n ander plek wees as ons as Christene hierdie gesindheid kon openbaar om uit te reik na hulle wat in nood is.

In baie opsigte het die kerk "'n Kom-Kerk" geword. Ek bedoel ons wil hê mense moet kerktoe kom om die woord te hoor.

Saterdag oggende gaan ons graag na ons *"Shopping Mall"* toe. Almal weet al dat ek noem dit my kerk. Een Saterdag het ek my spesiaal netjies aangetrek toe my vrou my vra: *"Gaan jy dan vanoggend kerk toe?"* My antwoord aan haar was: *"Nee, ek trek die kerk aan – want ek is die kerk."*

**Ons Gesindheid teenoor 'n Storm**

Matt. 8:23-27; Mark. 4:35-41; Luk. 8:22-25.

Jesus en Sy dissipels was in 'n boot op die see van Galilea in 'n geweldige storm *"sodat die skuit toe was onder die golwe; maar Hy was aan die slaap."* Sy dissipels was benoud en het Hom wakker gemaak om hulle te red. Hy het beheer geneem oor die winde en die see, dit bestraf, en daar het 'n groot stilte gekom.

Wat is ons gesindheid (hoe dink en voel ons) wanneer ons deur geestelike storms bedreig word?

Maak net seker dat Jesus saam met jou in die skuit is, dan sal Hy jou krag gee om die storm te bestraf sodat daar rus en vrede oor jou en jou huis sal kom.

Hoe verstaan jy Rom. 8:28?

> ***"En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goed meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme geroep is."***

Die Boodskap:

> ***"Ons kan nou van een saak seker wees: God gebruik elke ding wat in ons lewens gebeur om Sy***

> ***doel te bereik. Vir ons wat vir God liefhet, werk alles tot ons beswil uit."***

Wanneer storms en beproewing oor jou kom, sorg dat hoe jy dink en voel sal wees soos iemand wat in God glo.

Ons moet weet dat God nooit sal toelaat dat ons bó ons kragte getoets sal word nie.

## Nog 'n les Rakende die Storms van die Lewe

Matt. 14:22-33; Mark. 6:45-56; Joh. 6:16-21.
In Matt. 14:22-33 lees ons van die merkwaardige wonder waar Petrus op water geloop het. Dit is ook die gedeelte waar Jesus in 'n skuit gelê en slaap het, terwyl 'n geweldige storm gedreig het om die dissipels se skuit te laat sink. In vers 24 lees ons:

> ***"En die skuit was al in die middel van die see, geteister deur die golwe; want die wind was teen hulle."***

Miskien beleef jy iets soortsgelyk? Voel jy dalk die storms en winde in alle opsigte teen jou en jou familie?

Dit is dan dat jou gesindheid 'n groot rol moet speel. Hoe jy in hierdie omstandighede dink en voel is lewensbelangrik.

Jou gesindheid sal bepaal of jy nog werklik glo en of jy gaan toelaat dat vrees sal oorneem.

Onthou dat God ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing. (2 Tim. 1:7)

Vers 32 is treffend:

> ***"Daarop klim hulle (Jesus en Petrus) in die skuit, en die wind het gaan lê." As jy met die regte gesindheid in jou "boot" klim sal die storm stil raak!***

Vandag het ons mense nodig met die gesindheid van Jesus om in die Parlement, in plaaslike regerings, in besigheid, in sport, in die mediese wêreld, in Universiteite en alle vlakke van die onderwys te dien. Ja in elke vlak van die samelewing het ons mense nodig met die die regte gesindheid. Want hulle sal help dat storms sal bedaar en daar weer rus sal kom.

Is jy nie een van hierdie mense wat die Jesus gesindheid moet gaan uitleef nie?

## Ons Gesindheid teenoor Mense in Nood

Net nadat Jesus twee blindes gesond gemaak het, lees ons in Matt. 9:30:

> ***"En Jesus het hulle skerp aangespreek en gesê: Pas op, laat niemand dit te wete kom nie."***

Elke keer wanneer die Here jou en my gebruik om vir iemand te bid, en daar vind genesing plaas, moet ons sorg dat daar nooit hoogmoed in ons harte sal kom nie. God moet altyd die eer kry.

Natuurlik kan ons getuig wanneer daar 'n wonderwerk plaasgevind het, maar ons moet dit nie uitbasuin asof ons wat gebid het, so wonderlik is nie.

## Jesus Se Gesindheid Teenoor Verlore Skape

Matt. 9:36

> ***"En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie."***

Dit laat my dink aan twee predikers wat 'n dronkaard in die straat gesien het. Een van hierdie predikers het uitgebars in trane terwyl hy uitgeroep het: *"Daar loop ek as dit nie vir God se genade was nie."*

Hoe dink en voel jy as jy die "verlore skape" sien? En jy vind hulle op die strate en in winkelsentrums waar jy daagliks beweeg.

Sonder om mense te veroordeel – want dit mag ons nie doen nie – moet ons harte uitroep na God vir mense wat nie gereed is om Hom te ontmoet nie.

## Jesus se Gesindheid teenoor die Gebrokenes

Die boodskap wat Jesus ons wil leer is dat ons gesindheid teenoor hulle wat geknak, gebreek en seergemaak is moet wees om hulle nie verder te breek nie.

Ons moet ons nooit verbly in enige mens se verlies nie. Daarom kom Jesus se boodskap in Matt. 12:20:

> ***"'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en 'n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie, totdat Hy die reg tot oorwinning uitbring."***

Die Boodskap vertaal dit:

> ***"Iemand wat seergekry het, sal Hy nie seerder maak nie. Hy sal ook nie iemand wat in die moeilikheid is, verder in die moeilikheid bring nie; inteendeel! Hy help mense om die geestelike wenpaal te haal. Hulle sal dan nie meer oor God se oordeel bekommerd hoef te wees nie."***

Gal. 6:2 in Die Boodskap:

> ***"Sien raak wanneer ander gelowiges swaarkry en help hulle. Tel hulle probleme op julle skouers en dra dit vir hulle. So doen julle presies wat Christus van julle verwag. Dit is immers Sy wet dat julle mekaar moet liefhê."***

In ons gemeente het ons "Sorgherders" aangestel wat uitreik na hulle wat versorging nodig het. Ja, eerstens vir ons lidmate maar ook in die publiek.

Hulle bid vir diegene wat siek is. Nadat iemand uit die hospitaal ontslaan word sal hierdie Sorgherders vir 'n week sorg dat daar kos afgelaai word en omsien na die gesin.

Vir hulle wat geestelike seergekry het, sal daar iemand wees wat die nodige ondersteuning sal gee deur hulle te bemoedig met God se woord en gereeld vir hulle te gaan bid.

*Al is jy nie amptelik aangestel om mense te versorg nie – besluit om uit te reik na hulle wat versorging nodig het.*

Jesus se gesindheid was meegevoel met mense, daarom lees ons in Matt. 14:14:

> ***"En toe Jesus uitgaan, het Hy 'n groot skare gesien en innig jammer vir hulle gevoel, en Hy het hulle siekes gesond gemaak,"***

Daarna het Hy vyf duisend manne gevoed met vyf brode en twee vissies. Ek het altyd gewonder hoeveel vroue en kinders was daar daardie dag? Maak dit tien duisend vroue en twintig duisend kinders? Daar is tog altyd meer vroue wat selfs vandag kerktoe gaan en in daardie tye was daar geen beperking op hoeveel kinders per gesin toegelaat was nie.

Vandag is dit nie maklik om te weet aan wie moet ons goed doen nie, weens die verkeerde motiewe van so baie. Ons moet baie sterk vertrou dat Sy Gees ons hierin sal help, veral as ons die baie werkloses om ons sien.

Indien jy suksesvol wil wees in wat jy ookal vir die Here doen, moet jy die Vader vra om jou 'n meegevoel te gee vir mense.

Ons leef vandag in 'n baie harde wêreld waar min emosies 'n rol speel, terwyl daar baie gebrokenheid is.

Vir baie jare leer ek hoe gelowiges hul bedieninge en gawes moet ontdek, maar ek sou nog 'n gawe wou byvoeg, en dit is: "die gawe van om die nood raak te sien."

Hoeveel smarte en pyn sou net nie gespaar kon word as hierdie gawe 'n groter rol in ons lewens gespeel het nie?

## Ons Gesindheid Teenoor Die Sabbat?

Matt. 12:1-8; Mark. 2:23-28; Luk. 6:1-5.

In Matt. 12:1-8 leer ons hoe Jesus dink en voel oor die sabbat. Sy dissipels was honger en het op die sabbat koring are gepluk om te eet. Die Fariseërs se reaksie was:

> ***"Kyk, U dissipels doen wat nie geoorloof is om op die sabbat te doen nie."***

Vanaf verse 3 tot 8 wys Jesus aan die skare wat ons gesindheid moet wees teenoor die sabbat. Die sabbat moet nooit in die pad staan wanneer daar 'n menslike behoefte vervul moet word nie.

Jesus sluit hierdie argument af met die volgende woorde in die agste vers:

> ***"...want die Seun van die mens is Here óók van die sabbat."***

Die les wat ek leer in hierdie gedeelte is dat dit nie gaan oor "godsdiens" of "teologie" nie, maar oor hoe ek prakties my Christenskap uitlewe.

**In Matt. 12:9-13 lees ons van die man met 'n verdorde hand.**

Die vraag aan Jesus in vers 10:

> ***"Is dit geoorloof om op die sabbat gesond te maak?"***

Ons lei dus af dat dit daardie dag sabbat was. Verse 11-13 is duidelik:

> ***"Maar Hy sê vir hulle: Watter mens sal daar onder julle wees wat een skaap het, en as dit op die sabbat in 'n sloot val, dit nie sal gryp en uithaal nie? Hoeveel meer is 'n mens dan nie werd as 'n skaap nie! So is dit dan geoorloof om op die sabbat goed te doen. Toe sê Hy vir die man: Steek jou hand uit! En hy het dit uitgesteek, en dit is herstel, gesond soos die ander een."***

Vandag is daar baie tweedrag oor die sabbat en die wet. Indien jy goeie raad hieroor soek lees gerus die boek van Galasiërs wat jou sal help om te verstaan dat ons nie onder die wet is nie, maar ons God se genade!

Wanneer dit kom oor die hou van sekere dae, onthou dan wat geskrywe staan in Rom. 14:5:

> ***"Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."***

## Ons Gesindheid teenoor Negatiewe Kritiek

Matt. 12:22-32; Mark. 3:20-30; Luk. 11:14-23.

In Matt. 12:22-32 lees ons waar Jesus 'n duiwelbesetene wat blind en stom was gesond gemaak het. Die

Fariseërs het gesê dat Hy die genesing gedoen het deur die krag van die duiwel. In vers 24 het hulle gesê:

> ***"Hy dryf die duiwels nie anders uit as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels nie."***

Jesus se antwoord was (nogal in die mooiste gesindheid) dat as die duiwel teen homself verdeeld sou wees sal hy homself verwoes. In dieselfde asem het Jesus 'n ander groot waarheid tuisgebring, naamlik:

> ***"...en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie."***

Jesus se antwoord vers 28:

> ***"Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom."***

Maak dus seker dat wat jy vir die Here doen, in opdrag van Hom is. Enige negatiewe kritiek behoort geen invloed in jou lewe te hê nie. Dit sal soos water van 'n eend se rug afval.

## Hoe jy Dink en Voel sal bepaal hoe jy Praat

In Matt. 12:34-37 leer Jesus ons 'n groot waarheid, naamlik:

> ***"...uit die oorvloed van die hart praat die mond...Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word."***

Jesus het gesê in Matt. 12:35,37 (Die Boodskap)

> ***As jy luister na wat iemand sê, sal jy agterkom of sy gesindheid reg is en hy 'binne' skoon is...Wat jy sê, is dus verskriklik belangrik. Immers, op grond van wat jy sê, sal God besluit of jou saak met Hom reg is of nie."***

(Het jy opgelet dat die woord *"gesindheid"* hier gebruik word?)

Dit kan nie duideliker gestel word nie! Die oomblik as iemand praat sal ons hoor watter tipe gesindheid daar in hul hart is en of hulle 'binne skoon is'.

In Spr. 18:21 lees ons:

> ***"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."***

**Toets jou gesindheid deur die woorde wat uit jou mond kom!**

Verder het Jesus gesê in Matt. 15:11,18,19,20:

> ***"Nie wat in die mond ingaan, maak die mens onrein nie; maar wat uit die mond uitgaan, dit maak die mens onrein. Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is dié wat die mens onrein maak. Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal. Dit is hierdie dinge wat die mens onrein maak..."***

## Wanneer ons God se Woord Verkondig

Matt. 13:1-23; Mark. 4:1-20; Luk. 8:4-15.

In Matt. 13 lees ons van die *"Gelykenis van die saaier"* en ook van die *"Gelykenis van die onkruid"* waar ons kan leer hoe ons moet optree wanneer ons God se woord verkondig.

Ons kan net die woord aan mense bring en is nie verantwoordelik wat hulle daarmee doen nie. Sommige sal glo deur die boodskap te aanvaar in goeie grond. Hulle sal veel vrug voortbring. Omdat ander se harte nie voorberei is nie sal die saad nie kan groei nie.

In die Gelykenis van die onkruid moet ons kennis neem dat daar ook die bose vyand is wat die verkeerde en bose dinge in mense se lewens sal saai.

Ons gesindheid moet wees om versigtig op te tree dat ons nie ook hulle in wie goeie saad gesaai is, sal seer maak nie.

Dit sal goed wees as jy 'n begrip kan kry wat Jesus geleer het in verse 27 tot 30.

Oor die *"koring"* en die *"onkruid"* in mense se lewens het Jesus hierdie verklaring gemaak in vers 30

> ***"Laat altwee (die saad en onkruid) saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal Ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in My skuur."***

*Jy en ek moenie die "koring" beskadig deur die "onkruid" te wil uitpluk in mense se lewens nie!*

## Wanneer mense ons Aanstoot gee

Jesus se eie mense in Nasaret het hom aanstoot gegee. Ons lees daarvan in Matt. 13:53-56.

In Matt. 13:57 staan geskrywe:

> ***"En hulle het aanstoot aan Hom geneem. Maar Jesus sê vir hulle: 'n Profeet is nie ongeëerd nie, behalwe in sy vaderland en in sy huis."***

Die Boodskap:

> ***"Hulle (die mense in Nasaret) kon Hom nie verstaan nie en het nie gevoel dat Hy deel van hulle was nie. Daarom het hulle die skouers vir Hom opgetrek en gemaak asof hulle Hom nie raaksien nie. Jesus was gelate daaroor: 'Nou ja, so gaan dit maar. Oral erken erken mense dat hulle by My die boodskap van God duidelik hoor. Maar hier by die huis hou my eie mense hulle snaaks en wil niks hoor en nie na rede luister nie.' Jesus het nie eens verder gesukkel nie."***

Geen mens hou van verwerping nie. Maar wanneer mense jou aanstoot gee is dit belangrik dat jy jouself moet toets hoe jy daaroor dink en voel. In bostaande Skrif het Jesus aan ons die regte voorbeeld gestel.

## Wat weet ons van Jesus se Familie?

Toe Jesus eenkeer weer in Nasaret gekom het, was daar diegene wat navraag gedoen het oor wie Sy familie is.

In Matt. 13:55 lees ons:

> ***"Is Hy nie die seun van die timmerman nie? Is die naam van Sy moeder nie Maria en dié van Sy broers Jakobus en Joses en Simon en Judas (nie Iskariot nie) nie?"***

Ons lei ook af dat Jakobus die oudste broer van Jesus was. In Joh. 7 lees ons waar Jesus se broers krities teenoor Hom was en het spottend gevra hoekom dat Hy sy werke aan die volk sal bekend maak op die huttefees. In Joh. 7:5 staan geskrywe:

> ***"Want ook Sy broers het nie in Hom geglo nie."***

Jesus se broers het gelowiges geword volgens wat ons lees in Hand. 1:13,14.

Ek haal vers 14 aan:

> ***"Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking, (dit was in die bovertrek in Jerusalem) saam met 'n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus, en met sy broers."***

*Ek is oortuig dat Jesus se broers gelowig geword het deur die tekens wat Hy gedoen het, maar ook deur Sy gesindheid.*

Dit word algemeen aanvaar dat Jakobus die leier van die gemeente in Jerusalem was.

Volgens Gal. 1:18,19 was Jakobus in Jerusalem erken as 'n apostel. Dank God vir die brief wat hy vir ons nagelaat het wat ons vandag ken as *"Die Sendbrief van Jakobus."*

*"As ek 'n uur het om 'n groot boom af te kap, sal ek die eerste halfuur gebruik om my byl **skerp** te maak.*

*~ Onbekend*

*H O O F S T U K 3*

# REGTE GESINDHEDE SAL DIE KERK LAAT GROEI

## Hoe het Die Kerk Gegroei In Jerusalem?

D**IE** kerk in Jerusalem het gegroei tot meer as 100,000 lidmate. Hoe kan ons hierdie afleiding maak?

Die eerste sewe hoofstukke in Handelinge gaan net oor die gemeente in Jerusalem. Op die eerste dag het hulle as gemeente gegroei met 3000 lidmate. (Hand. 2:41)

Geskiedenis leer ons dat hulle gebly het in Jerusalem en dat die meeste nie weer terug gegaan het na hul tuis dorpe nie.

Nie lank hierna nie is nog 5000 manne bygevoeg, volgens (Hand. 4:5). Dan word die vroue en kinders nie

eers genoem nie. Kon dit miskien 10,000 vroue en 15,000 kinders gewees het?

En in Hand. 5:14 lees ons:

> ***"En daar is meer en meer gelowiges in die Here bygevoeg, menigtes van manne en vroue..."***

(Hier word darem melding gemaak van die vroue.)

In Hand. 6:7 staan geskrywe:

> ***"En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof."***

## Waar Het Alles Begin?

Hand. 2:42-47 vertel ons alles wat God gebruik het om Sy kerk in Jerusalem te laat groei. Daar word melding gemaak dat hulle volhard het in gebed; dat hulle in gemeenskap ("fellowship") was met mekaar; dat daar wonders en tekens was; dat hulle alles gemeenskaplik besit het en selfs besittings met mekaar gedeel het; dat hulle gereeld die dienste bygewoon het, en gereeld mekaar se huise besoek het; en dat hulle 'n lewe van lof aan God geleef het.

Vir my staan die woorde in vers 47 uit soos 'n paal bó water!

> ***"...en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is."***

Die 'Amplified' Bybel praat van:

> ***"...being in favor and goodwill with all the people..."***

Die Lewende Bybel sê:

> ***"Die hele volk het 'n goeie opinie van hulle gehad."***

Die Boodskap sê:

> ***"Die gelowiges se lewenstyl het die ander mense in Jerusalem aangegryp. Almal het daaroor gepraat."***

***Kan jy sien? Dit was hulle gesindheid wat getel het!***

Ons dink dat net magtige prediking en wonderwerke die kerk vol sal maak. (Dan moes kerke al oorgeloop het?)

En verstaan my mooi, ek is nie teen wonderwerke nie.

Ek glo die regte soort lewenswyse van die gelowiges sal die kerk weer laat oorloop, net soos dit gebeur het in Jerusalem.

*"Wees versigtig wat jy **dink**.
Jou denke kan jou lewe ingrypend
**beinvloed**"*

~ Onbekend

*"Wat jy **dink** sal jou beperk of sal
jou **vlerke** gee."*

~ Onbekend

*H O O F S T U K 4*

# DIE REGTE GESINDHEID KAN BEVRYDING BRING

## Die Kananése Vrou in Matthéüs 15

**IN** Matt. 15:21-28 lees ons van die Kananése vrou, wat baie bekommerd was oor haar dogter wat duiwel besete was. Hierdie vrou se gesindheid was die sleutel tot verlossing van haar dogter.

Want terwyl sy ernstig Jesus versoek het om haar dogter te genees lees ons in vers 23:

> ***"Maar Hy (Jesus) het haar nie 'n woord geantwoord nie. Toe kom sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan."***

Jesus het die vrou ook laat verstaan dat Hy net gekom het vir die verlore skape van die huis van Israel. Hy het

ook vir haar gesê dat dit nie mooi is om die brood van die kinders (dit is Israel) te neem en dit vir die hondjies (heidene soos wat sy was) te gee nie.

Nie eers hierdie belediging het haar afgesit nie. Haar antwoord aan Jesus was:

> ***"Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hul base afval."*** (vers 27)

Die klimaks van hierdie verhaal – omdat die Kananése vrou se gesindheid reg was – vind ons in vers 28:

> ***"Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af."***

*As ons gesindheid kan wees soos hierdie vrou s'n, en ons kan met groter erns vashou aan God se beloftes, sal ons wonders sien gebeur!*

*"Die **wil** van God sal jou nooit neem waar die **genade** van God jou nie sal beskerm nie."*

*HOOFSTUK 5*

# VERKEERDE GESINDHEID WERK SOOS SUURDEEG

## Die Gesindheid van die Fariseërs en Sadduseërs

**IN** Matt. 16:1-12 vind ons waar Jesus Sy dissipels geleer het om op te pas vir die gesindheid van die Fariseërs asook van die Sadduseërs.

Jesus verwys na hulle gesindheid en praat van hul "suurdeeg".

Want gesindheid (hoe jy dink en voel) is iets wat werk soos suurdeeg. Suurdeeg is iets klein maar dit het 'n groot effek op die brood wat jy sou bak. Gesindheid werk net so.

In vers 6 en 12 vind ons wat Jesus in hierdie gedeelte geleer het aan Sy dissipels:

> ***"Daarop sê Jesus vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs...***
>
> ***Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, maar vir die leer (die denke, asook die gesindheid) van die Fariseërs en Sadduseërs."***

*Die Bybel leer ons dat hoe 'n mens dink, so is hy. Al manier hoe jy sal uitvind hoe iemand dink, is wanneer jy hoor wat hy sê en sien wat hy doen.*

*HOOFSTUK 6*

# MY GESINDHEID AS EK JESUS WIL VOLG

## Ons Gesindheid as ons Jesus se Dissipel wil wees

**JESUS** se antwoord hierop is treffend in Matt. 16:24,25:

> ***"Toe sê Jesus vir Sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind."***

Die Boodskap vertaal dit:

> ***"Daarna het Jesus vir sy dissipels gesê: As mense my volgelinge wil wees, moet hulle hele lewe vir My gee. Om My te volg is baie moeilik. Dit is net so moeilik soos om jou eie kruis na die plek van jou teregstelling toe te dra. As jy net vir jouself wil***

***lewe, sal jy uiteindelik jou lewe verloor en in die doderyk beland. As jy egter bereid is om jou lewe aan My te wy, sal jy beslis 'n plek kry in God se nuwe wêreld."***

*Dit is 'n voorreg om 'n volgeling van Jesus Christus te wees.*

*Niemand moet dink dit is 'n maklike pad om te loop nie.*

*HOOFSTUK 7*

# TOETS JOU GESINDHEID

## Jou Gesindheid oor Belasting

IN Matt. 17:24-27 lees ons waar Jesus tempelbelasting betaal het. Die ontvangers van die tempelbelasting het Petrus gevra:

***"Betaal julle Meester nie die tempelbelasting nie?"***

Petrus kon gelukkig hierop 'n "Ja" antwoord.

Jesus het dus geen probleem gehad om belasting te betaal aan dié wat dit gevra het nie, alhoewel Jesus geweet het van die bedrog in die harte van hulle wat die belasting hanteer het.

Vir my bly vers 27 iets besonders, waar Jesus aan Petrus gesê het:

> ***"Maar dat ons hulle geen aanstoot mag gee nie, gaan na die see toe, gooi 'n hoek uit en neem die eerste vis wat opkom; en as jy sy bek oopmaak, sal jy 'n muntstuk kry; neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou."***

Praat van 'n wonderwerk! 'n Vis tel nie geld op met sy bek nie. Maar hierdie vis het na God geluister en het met mening geswem tussen die duisende ander visse om eerste by Petrus se hoek uit te kom. Hierdie vis het beter geluister as ons.

Want baie keer moet die Here oor-en-oor met ons praat voordat ons luister.

In Matt. 22:15-22 lees ons weer waar belasting ter sprake was. By hierdie geleentheid het Jesus 'n penning gebruik en gevra:

> ***"Wie se beeld en opskrif is dit? Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom."***

*Ons gesindheid moet wees om belasting te betaal.*
*(Rom. 13)*
*Ons moet ook besef dat, omdat ons die beeld van God dra, moet ons ook gewillig wees om te gee wat aan God toekom.*

## Wat moet ons Gesindheid wees teenoor Kinders?

In Matt. 18:1-3 was Jesus gevra wie is die vernaamste in die koninkryk van die hemele?

Jesus het 'n kindjie na Hom laat kom en in vers 4 gesê:

> ***"Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!"*** *(Lees gerus verse 1-10)*

Baie keer skeep ons kinders af in die kerk. Ons moet nie net ons kinders "besig" hou in die kinderkerk, sodat die ouers die dienste kan "geniet" nie. Ons moet toesien dat ons kinders opgevoed word met die woord van die Here. Hulle is nie die kerk van môre nie – hulle is die kerk van vandag!

Op 'n ander keer het moeders hul kindertjies na Jesus gebring dat Hy hulle sou seën. Die dissipels het die ouers bestraf omdat hulle gemeen het dat hulle Jesus belas het.

Ons lees egter in Matt. 19:14 die volgende:

> ***"Maar Jesus sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele."***

George Barna het gesê dat die kerk wat hulle kinders verwaarloos nie die boot gemis het nie, maar die oseaan!

Gebore in 1955, is hy die stigter van "The Barna Group" wat mark navorsing wêreldwyd doen rakende gelowe.

**Wat is jou Gesindheid rakende Vergifnis?**

*Seker die beste Skrifgedeeltes oor vergifnis vind ons in Matt. 18:15-35.*

Hierdie Skrifgedeelte was my intree boodskap in Bloemfontein in 1982. Gewoonlik preek 'n prediker sekerlik nie hieroor wanneer hy verwelkom word nie? Maar ek was gedring deur die Gees om dit op daardie Sondagaand te doen – en nooit besef wat hierop sy volg nie. Vir vier maande na hierdie boodskap het die gemeente sake met mekaar reggemaak.

Families wat tot vyf jaar nie met mekaar gepraat het nie, het met mekaar versoen. In daardie tyd het ons gemeente gegroei met ongeveer veertig nuwe lidmate per maand.

*Sedert 1982 het ek geleer dat* ***"Volkome Vergifnis" plaasvind op drie vlakke:***

Die eerste een is verseker dat jy as persoon vergifnis by God moet kry van jou sondes. Hier is 1 Joh. 1:7-9 van toepassing, naamlik dat Jesus se bloed ons reinig van al ons sondes, maar dat ons dit moet bely.

Ten tweede is dit nodig dat jy jouself moet vergewe. Daar is baie Christene wat sukkel om hulself vry te spreek terwyl Jesus reeds hul sondes vergewe het.

Baie keer het ek so'n persoon gevra om in 'n kamer te gaan, die deur te sluit, en voor 'n spieël te staan en hardop hulself te vergewe. Dit het altyd gewerk!

Die derde ding wat ons moet doen om volkome vergifnis te ervaar is om ander te vergewe. Hieroor gee Jesus deeglike lering in Matt. 18. Lees dit totdat dit ‘n waarheid word in jou gees, nie net vir jouself nie, maar ook om ander te help.

Ons vergewe ander nie omdat hulle dit verdien nie, maar omdat ek vry wil wees! In Lukas 6:37 het Jesus gesê:

> ***“Spreek vry, en julle sal vrygespreek word.”***

*Dit is nie ‘n maklike ding vir ons om te sê ons is jammer oor iets wat ons gesê of gedoen het nie.*

*Ek vergewe nie iemand omdat hulle dit verdien nie, maar ek vergewe omdat ek vry wil wees.*

## Wat Is Jou Gesindheid teenoor Geskeide Mense?

Matt. 19:1-12 is ‘n gedeelte wat al baie misverstaan was. Ek wil nie voorgee dat ek al die antwoorde het rakende skei nie.

Vandag is daar só baie geskeides in ons sameweling, maar die vraag is: Wat is ons gesindheid teenoor hulle?

Die vraag wat die Fariseërs aan Jesus gevra het was:

> ***"Is dit 'n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei?"***

Jesus se antwoord was dat God in die begin man en vrou gemaak het om saam te wees.

In Matt. 19:5,6 sê Jesus:

> ***"Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; (dink hieroor) sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie."***

Let op die woord wat hier gebruik word *"saamgervoeg"* wat van die Griekse woord "prokolian" kom.

Volgens Strongs #1347 meen dit: (en ek haal dit in Engels aan) *"To glue or cement together; stick to; join firmly. And this includes: faithfulness; loyalty and permanency in relationship."*

*Dit kom hierop neer: Indien jy trou behoort jy nie te skei nie!*

Die Fariseërs verwys Jesus toe na die skeibrief wat Moses aan Israel gegee het. Jesus se antwoord hierop in vers 8:

> ***"Omdat Moses weens die hardheid van jul harte julle toegelaat het om van julle vroue te skein; maar van die begin af was dit nie so nie."***

Vers 9 word maklik misverstaan:

> ***"Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeide vrou trou, pleeg egbreek."***

Moet nooit vergeet dat God reeds in Mal. 2:16 gesê het:

> ***"Want Ek haat egskeiding, sê die Here, die God van Israel..."***

Die vraag: *"As enige persoon 'n geskeide persoon sou trou, word owerspel nie gepleeg nie?"*

Ek is van mening dat daar net een sonde is wat nooit vergewe sal word nie en dit is die sonde teen die Heilige Gees, soos wat ons vind in Matt. 12:31,32.

Alle ander sondes kan dus deur God vergewe word. Reg so? Dan geld dit ook vir mense wat geskei het.

Dank God Hy is getrou en regverdig om al ons sondes te vergewe soos wat ons lees in 1 Joh. 1:7,8; en dit sovêr as die Ooste van die Weste van ons te verwyder. (Lees weer Ps. 103:12)

*Egskeiding het duisende mense in ons land stukkend gebreek. Ons moet diegene nie verder vertrap nie, maar met die grootste liefde help optel. Dit is ook nie altyd maklik om te bepaal wie eintlik die skuldige een was aan die egskeiding nie.*

## Ons Gesindheid teenoor Rykdom

Matt. 19:16-30; Mark. 10:17-31; Luk. 18:18-30.

Die verhaal gaan oor die ryk jongman wat Jesus gevra het watter goeie ding moet hy doen sodat hy die ewige lewe kan ontvang?

Jesus se eerste antwoord aan hom was dat hy die gebooie moes onderhou, soos: Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie; jy moet jou vader en moeder eer, en dat hy sy naaste moet liefhê soos homself.

In Matt. 19:20,21 staan:

> ***"Die jongman sê vir Hom: Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. Wat kom ek nog kort? Jesus antwoord hom: As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My."***

Die jongman se gesindheid rakende rykdom kom sterk na vore toe hy bedroef weggegaan het omdat hy baie besit het.

Jesus se reaksie hierop was dat dit nie maklik is vir mense wat baie besit om in God se koninkryk in te gaan nie. Hy gebruik toe die voorbeeld en verduidelik dat dit eintlik makliker is vir 'n kameel om deur *"die oog van 'n naald"* te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan.

Gelukkig voeg Jesus die volgende by hierdie verklaring van Hom in Matt. 19:26:

> ***"By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik."***

Algemeen word dit aanvaar dat *"die oog van 'n naald"* verwys na die klein deur wat daar langs die stadspoorte was. Saans het hulle die poorte toegemaak vir hul veiligheid. Maar dan was daar 'n deur waar mense kon inkom. Sou iemand 'n kameel gehad het, kon hulle wel ingaan, maar dan moes hulle dit wat op die kameel se rug was afgepak het en per hand ingedra het. Self moes die kameel op sy knieë gaan om sodoende te kon ingaan.

Enige persoon, al is hy hoe ryk, sal in God se koninkryk kan ingaan maar dan moet hy ontslae raak van die baie "geestelike bagasie" en verseker op hul knieë gaan om in te gaan.

*Enige persoon wat 'n gesindheid het om hulself te verneder, en bereid is om ontslae te raak van die onnodige laste wat hulle dra, sal kan ingaan in God se koninkryk.*

## Jou Gesindheid teenoor Geld en Besittings?

Lukas 12:15 in Die Boodskap:

> ***"Toe sê Jesus vir die mense: Hoekom hardloop julle die hele tyd net agter geld aan? Die lewe gaan tog nie daaroor nie. 'n Mens se geluk hang mos nie af van hoeveel geld jy op jou naam het nie."***

Die Lewende Bybel:

> ***"Hy sê toe vir almal: Julle moet baie mooi oppas vir die begeerte om altyd meer en meer te wil hê. Al besit 'n mens ook baie, jou lewe hang nie daarvan af nie."***

Om hierdie waarheid te verduidelik vertel Jesus hulle toe die gelykenis van die ryk dwaas. Hierdie boer was nie 'n dwaas genoem omdat hy baie besit het nie. Hy was dwaas omdat hy toegelaat het dat die besitting hom besit.

1 Tim. 6:6-8 moet ook onderstreep word:

> ***"Maar die godsaligheid saam met vergenoegheid is 'n groot wins. Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees."***

*Verstaan mooi: Jy mag besit, want dit is nie 'n sonde om dinge te besit nie, maar jou besittings moet jou nie besit nie!*

## Hoe is jou Gesindheid wanneer jy moet Gee?

2 Korinthiërs 9:7

> ***"Laat elkeen gee (saai) soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."***

Die Lewende Bybel:

> ***"Laat elkeen soveel gee as wat hy self in sy hart besluit het. Dit moet iets wees wat hy met blydskap doen en nie omdat hy gedwing word nie. God hou daarvan as iemand vir Hom iets gee en dit met blydskap doen."***

The Amplified Bible:

> ***"Let each one give as he has made up his own mind and purposed in his heart, not reluctantly or sorrow-fully or under compulsion, for God love (He takes pleasure in, prizes above other things, and is unwilling to abandon or to do without) a cheerful (joyous, 'prompt to do it') giver whose heart is in his giving."***

Die Griekse woord vir *"cheerful"* is *"hilaros"* en beteken om *"uitgelate"* ja. *"dol van blydskap"* te wees omdat ek die voorreg het om te kan gee.

'n Boer kan nie graan maak groei nie. Al wat hy kan doen is om die grond voor te berei. Hy ploeg die land, plant die saad en sorg dat dit wat hy geplant het water kry. Daarna tree die natuurlike kragte in sodat die graan groei.

My seuns het ek geleer: *"If you have a need, sow a seed."* Want ek het geleer jy bid jouself nie soseer uit jou finansiële nood nie (natuurlik help dit om te bid), maar deur te gee haal jy jouself uit jou nood uit. Dit werk verseker.

*Moet nooit sê: "Die kerk vra net altyd geld."*

*En al voel jy moedeloos met al die bedelaars wat hul hand uithou na jou – behou die regte gesindheid. Wees sensitief vir God se Gees om jou te lei vir wie jy moet gee.*

*Sê vir jouself: "Daar loop ek as dit nie God se genade was nie."*

## Ons Gesindheid wanneer dit kom by Vergoeding

In Matt. 20:1-16 vind ons waar Jesus 'n verhaal vertel van 'n eienaar wat werkers op verskillende tye gehuur het, maar aan die einde van die dag het hy almal dieselfde loon betaal.

Dié wat heeldag moes werk was ontevrede omdat hulle wat net een uur gewerk het dieselfde betaal was.

Die hoof boodskap van hierdie verhaal is om aan ons in diens van die Here die boodskap te bring dat Hy in wie se diens ons staan, die een is wat sal bepaal wat ons vergoeding sal wees!

Jesus het in Luk. 17:10 gesê:

> ***"...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen."***

*Eienaardig dat ons altyd voel ons verdien meer as wat ons kry?*

Ek het altyd my Bybelskool studente geleer: *"Whatever you do for God, do it for free. Someone will see what you are doing and pay you for that."*

Doen net elke dag jou beste. Wat jy ookal doen, doen jy nie vir mense nie, maar vir die Koning van die konings.

Kol. 3:17 stel dit so mooi:

> ***"En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom."***

Die Boodskap vertaal dit:

> ***"Laat ek saamvat: Jesus moet uit julle hele lewe straal. Of julle praat of iets anders doen, Jesus moet daarin gesien kan word. Julle lewe moet een groot dankie vir God wees. En dit kan alleen so wees as julle alles doen asof Jesus elke tree saam met julle gee."***

## Ons Gesindheid rakende my Posisie in die Lewe

Matt. 20:17-28; Mark. 10:32-45; Luk. 18:31-34.

Die gesprek wat hier plaasvind gaan oor die seuns van Sebedéüs. Hul moeder het hulle na Jesus gebring en Jesus gevra dat haar een seun in Sy koninkryk aan Sy regterhand en die ander seun aan Sy linkerhand moes sit. (Tipies van 'n moeder wat omgee.)

Jesus antwoord in Matt. 20:26-28:

> ***"...elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die***

> ***Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."***

*Jesus was gewillig om Sy dissipels se voete te was! Ons lees daarvan in Joh. 13.*

*Vandag vind ons dat baie eerder iemand se kop wil was!*

**Ons Gesindheid rakende Die Plek van Aanbidding?**

Matt. 21:12-17; Mark. 11:15-18; Luk. 19:45-48; Joh. 2:13-17.

Natuurlik verstaan ons vandag dat ons liggame is die tempel van die Heilige Gees. As mens is ons "die kerk" van die Here.

Tog glo ek dat ons gesindheid rakende ons plek van aanbidding ook vir God belangrik is.

Jesus het in die tempel ingegaan en almal wat koop en verkoop uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi.

Die geldwisselaars was daar om mense se geld wat uit ander lande en streke gekom het om te ruil sodat hulle offers kon koop wat hulle nie gehad het nie – soos duiwe. Gewoonlik het hulle wat baie arm was nie meer as 'n duif kon bekostig nie.

Jesus se boodskap was baie duidelik:

> ***"En Hy sê vir hulle: Daar is geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak."*** (V.13)

Nadat die tempel gereinig is, het tekens en wonders plaasgevind! Ons lees in vers 14:

> ***"En daar het blindes en kreupeles na Hom gekom in die tempel, en Hy het hulle gesond gemaak."***

***Dit werk altyd só:***

*Reiniging moet eers plaasvind vóór bevryding sal kom!*

**Is Jy 'n Ware Aanbidder?**

*"To Worship is to quicken the conscience by the holiness of God, to feed the mind with the truth of God, to purge the imagination by the beauty of God, to open the heart to the love of God, to devote the will to the purpose of God"*
(William Temple)

God soek ware aanbidders. Ons lees in Joh. 4:23,24.

> ***"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."***

Berei jouself in die week voor om Sondag in jou kerk een van die ware aanbidders te wees om God in gees en in

waarheid te aanbid. Help die aanbidders leier om die Here te aanbid.

Aanbidding gaan nie oor jou nie, maar oor God. Iemand wat die sang en aanbidding afgekraak het in sy kerk het die volgende antwoord ontvang: *"Die aanbidding en sang in die kerk het nie oor jou gegaan nie, maar God wat aanbid moet word."*

Moenie dat enigiets jou afsit in jou aanbidding nie. Nee eers kinders wat rondhardloop in die diens nie. Dank eerder die Here dat hulle energie het.

*Aanbidding is ons reaksie teenoor die liefde van God aan ons.*

**Die Sewe Hebreeuse Woorde vir Aanbidding.**

Israel het dus presies geweet wat van hul verwag was as hulle die woorde Lof en Prys gelees en gehoor het .

Ons verstaan aanbidding soos wat ons grootgeword het om dit te verstaan. Indien jy die sewe Hebreeuse woorde in die Bybel verstaan sal dit jou help om God beter te aanbid.

Jou gesindheid sal in lyn gebring word om 'n ware aanbidder te wees.

***Die eerste Woord is "HALLAL"***

Hierdie woord kom ongeveer 100 keer voor in die Ou Testament. Een-derde vind ons in die Psalms.

*Hallal beteken:* Om te roem; op te hemel; te spog; groot te praat; te vier; te herdenk; om uitbundig verspot te wees.

*Die woord Halleluja kom hiervan.* Die woord *"halleluja"* het geen taalgrense nie en word in al die tale op dieselfde manier gebruik.

*Halleluja is die spontane uitroep van 'n persoon wat opgewonde is voor en oor God!*

***Die tweede Woord is "YADAH"***

*"Om met uitgestrekte hande God te aanbid"*

Waarom hande ophef ? (Het jy dit al gedoen?)

- Iemand steek hande op as hy oorgee.
- Iemand se hande ('n bokser) word opgelig as hy wen.

Ons is mos meer as oorwinnaars en het rede om ons hande op te hef na God wat ons die oorwinning gee.

***Die derde Woord is "TODAH"***

Dit beteken: *"Uitgebreide hande in bewondering."*

Wat sê die Bybel van *opheffing van hande?*
Ps. 63:5 ***"So sal ek U prys my lewe lank, in U Naam my hande ophef."***
Ps. 134:2

> ***"Hef julle hande op na die heiligdom, en loof die Here."***

Ps. 141:2 ***"Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aand-offer."***
Lees gerus: Neh. 8:6,7

> ***"En Esra het die boek oopgemaak voor die oë van die hele volk, want hy het bokant die hele volk gestaan; en toe hy dit oopmaak, het die hele volk opgestaan. (Uit respek vir God se woord) En Esra het die Here, die grote God, geloof, en die hele volk het geantwoord: Amen, amen! Met opheffing van hulle hande; en hulle het hul gebruig en die Here aanbid met die aangesig na die aarde toe."***

***Die vierde Woord is "BARAK"***

*"Om God te verklaar as die oorsprong van alles."*

Een van die treffendste gedeeltes in die Bybel waar "barak" aanbidding aan God gebring was, vind ons in 1 Kron. 29.

Lees hierdie hoofstuk om te sien hoeveel gegee was aan God as deel van aanbidding, want 'n "barak" lofoffer raak gewoonlik ons besittings.

Luister: Jy kan nie net lof aan God bring met leë hande nie.

Dawid gee: *"Honderd-en-drie ton goud, van Ofir se goud, en 240-ton gesuiwerde silwer."* (Teen vandag se pryse het Dawid R700 miljoen se goud gegee.) Die leiers het 171-ton goud gegee, asook 342-ton silwer (vers 6,7)

***Die vyfde Woord is "TEHILLAH"***

Dit beteken: *"Om met sang God te loof."*

Israel het 4000 voltydse lofsangers gehad. (1 Kron. 23:5) Die sangers het hul dorpe om Jerusalem gebou, om naby die tempel te wees. Neh. 12:29.

> ***"...want die sangers het vir hulle dorpe rondom Jerusalem gebou."***

***Die sesde Woord is "ZAMAR"***

*"Om op snare van instrumente God te loof"*

Om jou vreugde en dank teenoor God deur musiek uit te druk.

In 1 Kron. 25:6,7 word gepraat van 288 "geoefende" persone wat "meesters" was in musiek!

**Die sewende Woord is "*SHABACH*"**

Dit beteken: *"Om luidkeels uit te roep."*

Dit is duidelik dat ons hoorbaar lof aan God moet bring.

Heb. 13:15

> ***"Laat ons gedurig (beteken dag en nag) deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat Sy Naam bely".***

Ps. 34:2

> ***"Ek wil die Here altyd loof; Sy lof sal altyddeur in my mond wees."***

Daar is krag in *"shabach"!*

So het Jerigo se mure geval. (Jos. 6:20) Teen watter mure moet jy "*shabach*"? Dit was met lof aan God dat

Josafat die oorwinning teen hul vyande behaal het. (2 Kron. 20:1-26)

Ps. 100:4 sal ons beter verstaan as ons na die oorspronklike Hebreeuse woorde kyk in die teks:

*"Gaan Sy poorte binne met lof..."* (todah = Uitgebreide hande in bewondering) *"...Sy voorhowe met lofgesang...* (tehillah = Met sang en instrumente) *"Loof Hom...* (yadah = Opheffing van hande) " *"Prys Sy Naam..."* (barak = Prys Hom met iets tasbaar omdat Hy die oorsprong van alles is!)

*In die lig van voorafgaande Bybelse waarhede, oor die sewe Hebreeuse woorde oor Lofprysing en Aanbidding, maak ek hierdie verklaring:*

- *"Ek **besluit** om God in gees en in waarheid te aanbid.*
- *Dit sal nie 'n probleem wees om dit **hoorbaar** te doen nie.*
- *Om my **hande** op te steek sal vir my 'n vreugde wees.*
- *Wanneer ek **gee** sal dit 'n deel van my **aanbidding** wees.*
- *Ek sal **luidkeels** uitroep teen die geestelike mure wat moet val."*

## Wanneer ons mense nooi na God se Bruilof

Matt. 22:1-14; Luk. 14:16-24.

Uit hierdie gedeeltes lei ons af dat alles reeds gereed gemaak was vir God se bruilof. Maar almal wat genooi was het nie positief gereageer om die Here se uitnodiging te aanvaar nie.
Vandag word ons gevra om mense te nooi, die *"slegtes sowel as die goeies"* volgens vers 10.
Hoe verstaan jy Jesus se verklaring in vers 14?

> ***"Want baie is geroep, maar min uitverkies."***

Die Lewende Bybel vertaal dit:

> ***"Want baie mense word uitgenooi maar daar is min wat deur God uitgekies word."***

Die Boodskap vertaal dit:

> ***"Onthou, baie sal die uitnodiging hoor, maar nie naasteby almal sal die hemelse fees haal nie."***

Moenie Jesus se verklaring lees sonder om verse 11-13 ook te lees nie. Toe die koning by die bruilof kom het hy iemand gevind wat nie 'n bruilofskleed aangehad het nie. Hy kon nie verstaan hoe daardie persoon ingekom het nie, want selfs die vuilste en armste persoon sou 'n bruilofskleed ontvang het.

*Elkeen wat God se uitnodiging aanneem na die bruilof van die Lam, sal soos die verlore seun in Luk. 15, 'n geestelike kleed ontvang in ruil van hul "vuil sondige klere".*

## Jou Gesindheid rakende die Groot Gebod

Matt. 22:34-40; Mark. 12:28-34; Luk. 10:25-27.

Miskien het ons nie 'n probleem met ons gesindheid teenoor God om Hom met ons hart, siel en verstand lief te hê nie.

Maar wat maak ons om ons naaste lief te hê soos onsself?

In Ef. 5:29 (Die Boodskap) lees ons:

> ***"Ek het nog nie van iemand gehoor wat homself vurig haat nie. Nee, hy kyk liewer na homself en versorg homself mooi."***

'n Gedeelte in die Bybel wat ons baie meer aandag kan gee is 1 Joh. 4:7-21, want dit gaan oor om God lief te hê en mekaar lief te hê.

Verse 7,8:

> ***"Geliefdes, laat ons mekaar liefhê, want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie gesien nie, want God is liefde."***

Vers 12:

> ***"As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het Sy liefde in ons volmaak geword."***

Vers 20:

> ***"As iemand sê: Ek het God lief - en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder***

> ***wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?"***

*Ek wil glo dat jy God liefhet. Die vraag is of jy jouself liefhet?*

*Jy kan nooit ander liefhê indien jy nie jouself liefhet nie.*

**Wat Is jou Gesindheid teenoor Die Eindtyd?**

Matt. 24:1-44; Mark. 13:1-37; Luk. 21:5-36.

Ons moet nooit ophou glo dat Jesus Christus weer sal kom nie!

Ons gesindheid – hoe ons dink en glo – rakende die eindtyd moet wees soos mense wat uitroep dat Jesus weer moet kom.

My skoonmoeder het altyd gesê: *"As jy gereed is vir Jesus se wederkoms, is jy gereed vir enige iets."*

Ons eerste gesindheid teenoor die eindtyd moet wees dat niemand ons sal mislei nie. (verse 4,5)

Ons moet kennis dra dat daar oorloë sal wees, ook dat daar hongersnood, pessiektes en aardbewings sal kom. Ons moet ook kennis dra dat ons gehaat sal word terwille van Christus. Daar sal valse profete wees wat baie mense sal mislei.

Een uitstaande teken van die eindtyd sal wees dat, omdat die sondes sal vermeerder, sal die liefde van die meeste mense verkoel. Ons moet volhard tot die einde toe. Dank God dat die evangelie eers verkondig sal word

in die hele wêreld aan al die nasies; en dan sal die einde kom. (verse 6-14)

Die vraag in ons harte is: Wanneer sal Jesus Christus weer kom?

Jesus antwoord self in Matt. 24:36, 40-41 en 44:

> ***"Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, maar net my Vader alleen...Dan sal twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat...Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie."***

In Matt. 25 leer Jesus verder oor die eindtyd en vertel van die vyf verstandige en die vyf onverstandige maagde.

Vyf het ekstra olie gehad, terwyl hulle gewag het op 'n bruilof.

Algemeen word dit vandag aanvaar dat hierdie *"olie"* verwys na die Heilige Gees wat ons nodig het om ons *"brandende"* te hou terwyl ons wag op Sy wederkoms.

Ek weet nie hoe *"aan die brand"* jy vir die Here is nie, en hoe jy deur God *"gesalf"* is nie, maar ek begeer die salwing van Sy Heilige Gees gedurig in my lewe.

Ek hou van Ps. 92:11:

> ***"U verhoog my horing soos van 'n buffel; ek is met vars olie gesalf."***

En as jy verder lees in hierdie Psalm dan sal jy sien dat hierdie *"salwing"* jou oë en ore aantas. God se salwing deur Sy Gees sal jou *"plant"* in God se huis en selfs in jou ouderdom sal jy beslis nog *"fris en lewenskragtig"* wees. (Verse 12-15)

Skyn jou lig nog helder vir die Here? Ek lees in Matt. 5:16 hierdie treffende woord:

> ***"Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."***

**Die Groot Opdrag is om te Evangeliseer**

In Matt. 28:18-20 lees ons:

> ***"En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen."***

Wanneer dit by Evangelisasie kom moet my gesindheid wees dat dit 'n opdrag is van Jesus Christus, en hierdie opdrag is om dissipels te maak van alle nasies.

En nadat ons mense dissipels van Jesus Christus gemaak het moet ons hulle leer om alles te onderhou wat Hy beveel het.

Dank God, dat Hy Sy Gees gegee het om ons hierin te help!

Hand. 1:8:

> ***"...julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die wêreld."***

Die woorde *"sowel as"* beteken *"in dieselfde tyd – of dan gelyktydig"* moet ons die Evangelie bring. Ten eerste in Jerusalem wat die plek is waar ons woon. Judea is die streek en omgewing waar ons woon. Samaria is die plek (en mense) waar ons eintlik nie wou gaan nie. Die Jode en die Samaritane wou niks met mekaar gedoen het nie. Soms stuur die Here ons ook na sulke mense toe om Sy woord aan hulle te bring – of ek daarvan hou of nie.

Dan sluit die Evangelisasie opdrag ook in, *"en tot aan die uiterste van die aarde".* Mag ons gesindheid hieroor verander!

**Wanneer jy Beledig en Verkleineer word**

*'n Uitstaande verhaal hieroor vind ons tussen Dawid en Goliat.*

Hier is Dawid vir ons 'n baie goeie voorbeeld. In 1 Samuel 17 lees ons dat Israel teenoor die Filistyne opgestel was in 'n oorlog. Daar was 'n kampioen vegter van die Filistyne met die naam van Góliat, wat Israel vir ses weke uitgedaag het. Hy het gevra dat Israel iemand moet gee om teen hom te veg.

Die een wat wen, sal dan bepaal dat sy volk sal heers oor die verloorder s'n. Goliat was 'n baie groot en sterk man. Hy was drie meter lank.

Sy borswapen ('n gevegshemp) het 57 kilogram geweeg. Net sy spies se punt het ongeveer ses kilogram geweeg. Daarby het hy 'n man gehad wat sy skild moes dra.

Dawid se vader was Isai. Hy het agt seuns gehad, waarvan Dawid die jongste was. Drie van sy seuns was in die oorlog betrokke met die Filistyne. Hulle name was Eliab, Abinadab en Samma.

Op 'n dag het Dawid se vader hom gevra om 'n houer met gebraaide koring en tien brode vir sy broers te neem. Dan was daar ook tien skywe kaas wat Dawid moes gee aan die bevelvoerder. Hy moes dan uitvind hoe gaan dit met sy broers.

Dawid het nie sy skape net eenvoudig gelos en afgesit na die oorlogsgebied nie. Ons lees dat hy sy skape eers afgegee het aan 'n wagter. (1 Sam. 17:20)

By die gevegsterrein het Dawid heelwat navrae gedoen wat die beloning was aan die persoon wat Góliat sou verslaan.

Eliab was woedend hieroor. Hy het Dawid beledig en hom huis toe gejaag. Dawid se gesindheid was treffend in sy woorde teenoor sy broer toe hy geantwoord het: *"Ek vra maar net?"*

Dit is toe dat Goliat na vore kom en weer sy uitdaging rig aan Israel om 'n man te gee met wie hy kan veg.

In vers 23 word dit duidelik gestel dat Dawid hierdie uitdaging gehoor het.

Al die manne van Israel het eenvoudig gevlug, toe hulle sien hoe groot Góliat was.

Maar toe Dawid hoor dat koning Saul beloof het om die man wat Góliat verslaan, beloon sou word, was hy bereid om die uitdaging te aanvaar. Die beloning was nogal iets besonders, naamlik: Saul sal hom oorlaai met groot rykdom, en hy sy sou sy dogter as bruid gee en sy familie vrystel van belasting.

Hiervan het Dawid behoorlik kennis geneem, en dit was iets wat hom gemotiveer het om Góliat se uitdaging te aanvaar.

Die res van die storie ken jy seker al van kleinsaf? Dawid het Góliat se uitdaging aanvaar en hom met sy slinger oorwin – sodoende het Israel hierdie oorlog teen die Filistyne gewen.

**Groot Lesse Om Te Leer:**

- As Dawid nie 'n Goliat in sy lewe gehad het nie, was hy nie 'n kampioen nie! Hoe dink jy gaan jy 'n kampioen word?
- Saul en sy manskappe het gevrees vir Goliat. Dawid het geen vrees toegelaat nie want hy het meer as Goliat gesien – hy het Sy groot God gesien. Hoe groter jou God, hoe kleiner jou reuse.

**Is jy bewus van Simeï wat Dawid gevloek het?**

Een van Dawid se offisiere wou sy kop afkap. Maar kyk wat is Dawid se gesindheid in 2 Sam. 16:10:

> ***"Maar die koning sê: Wat het ek met julle te doen, seuns van Seruja? As hy vloek, en as die Here aan hom gesê het: Vloek Dawid! Wie mag dan vra: Waarom maak jy so?"***

*Jou gesindheid sal 'n krag in jou wees om **beledigings te oorwin.***

*H O O F S T U K 8*

# 'N GOEIE GESINDHEID VEREIS DISSIPLINE

## 'n Persoon met die regte Gesindheid is Entoesiasties

**IN** Rom. 12:11 lees ons:

***"Moenie in julle toewydig verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here."***

'n Geesdriftige mens is iemand met die regte gesindheid. Iemand wat reg dink en voel hier in sy binneste.

The Message gebruik woorde soos:

> ***"Don't burn out, keep yourself fuelled and aflame."***

Ons lees in The Collins Dictionary:

*"Enthusiasm is great eagerness to be involved in a particular activity which you like and enjoy or which you think is important."*

Die Griekse woord vir entoesiasme is "en-theos" en is 'n woord wat vir God gebruik word. Ek glo hoe meer jy van God in jou het, hoe meer entoesiasme het jy!

Entoesiasme wek jou kragte op, maak jou vrymoedig en gee jou moed. Ouderdom mag jou vel vol plooie maak, maar as jy jou entoesiasme verloor het, sal daar "plooie" in jou siel ontstaan.

Deur entoesiasme het Dawid Goliat verslaan. Lees weer met aandag 1 Sam. 17.

Deur entoesiasme het Paulus 'n bemanning op 'n sinkende boot gered. (Hand. 27:25)

Phil. 4:13 (Amplified Bible)

> ***"I have strength for all things in Christ who empowers me – I am ready for anything and equal to anything through Him who infuses inner strength into me"***

Jeremia kon uitroep: Jer. 20:9

> ***"En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in Sy Naam nie meer spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente."***

*Jy sal entoesiasme weer terug kry in jou lewe, as jy bereid is om die negatiewe verlede te vergeet. Lees Fil. 3:13,14.*

**Hoe is Jou Gesindheid Wanneer Jy Moet Wag?**

In Jes. 28:16 lees ons:

> ***"...hy wat glo, sal nie haastig wees nie."***

Een van my probleme was dat ek wel geglo het, maar soms nie geduldig genoeg kon wag nie.

*Om vir iemand te wag is nie 'n maklike ding nie.*

*Wat maak ons as ons op die Here moet wag?*

Psalm 23 is seker een van die bekendste dele in die Bybel. Daarin lees ons:

> ***"Hy laat my neerlê in groen weivelde; na water waar rus is lei Hy my heen."***

Die duiwel gee nie om dat ons deur die "groen weivelde" draf nie, maar hy hou niks daarvan as ons daar wil vertoef nie.

Die duiwel sal altyd sorg dat ons besig is sodat ons nie op God sal wag nie.

Vir die Oosterling is meditasie (om in stilte te wag) iets wat hulle doen om hul kop leeg te maak. Christelike meditasie (bepeinsing) is om ons gedagtes te vul met hemelse dinge.

Kol. 3:1,2:

> ***"As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God is. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie."***

**Wat is jou Gesindheid Teenoor Gebed en Vas?**

Ons lees in 1 Thes. 5:17:

> ***"Bid sonder ophou."***

Dit meen sekerlik nie dat ek my heeldag moet afsonder in gebed tot God nie? Maar dit beteken sekerlik dat ek selfs deur die dag in verhouding met die Here kan leef.

Ek glo nie gebed is *"harde werk"* nie. Dan sou ek dit nie eintlik graag wou doen nie. Ons gesindheid teenoor gebed moet tog immers wees dat ons in 'n gesprek met God is.

Gordon Lindsay (stigter van Christ for the Nations) het gesê:

*"Every Christian should have a violent prayer every day."*

Deur dit te sê glo ek dat ons in ons gebedstye ook geestelike deurbrake moet beleef.

Ek wil jou aanmoedig dat jy spesiale tye van gebed moet hê. My gewoonte was om elke Vrydag vanaf 8:00 tot 13;00 at te sonder in gebed met 'n ernstige soeke na die regte woord vir my gemeente op Sondae. In daardie tyd het ek nie 'n foon geantwoord of enige mens

ontvang nie – al sou wie ookal daarop aangedring het om my aandag te kry.

Hoekom moet ons die duiwel veg elke keer wanneer ons bid? Hoekom moet ons huil elke keer wanneer ons bid?

Daar kom tye dat ons trane stort in gebed omdat ons baie meegevoel het vir iemand – of wanneer ons bid vir 'n wêreld wat verlore gaan.

Maar gebed is mos eintlik iets wat ons moet geniet; omdat ons met ons hemelse Vader praat.

Ek hoor hoe mense vertel hoe hulle in geveg met die duiwel en sy magte was terwyl hulle gebid het. Ons is wel in 'n geestelike oorlog (Ef. 6) maar ons hoef nie in 'n geveg te wees elke keer wanneer ons bid nie. Die duiwel is reeds verslaan.

Net soos jy ure kan kuier en gesels met hulle wat jy liefhet en hulle vir wie jy respek het, net so behoort gebed ook te wees. Jy moet met God praat sonder dat tyd 'n faktor hoef te wees.

Gebed is iets wat ons moet leer om te doen. En jy leer dit hoe meer jy dit doen. Eintlik is daar nie 'n ander manier nie, al sal jy die beste boeke oor gebed lees, sal jy net werklik kan bid as jy dit fisies doen.

Gelukkig help die Heilige Gees ons hoe ons moet bid want uit onsself weet ons nie hoe om dit reg te doen nie. (Rom. 8:26)

## Kom ons praat oor Vas

Om te vas meen om myself te weerhou van voedsel (of miskien moet ek sê van die normale gebruik van voedsel) vir 'n dag of meer, en die Here se aangesig met erns te soek in gebed.

Gewoonlik vas iemand as hulle die Here spesifiek vertrou in 'n sekere saak.

Ons lees in die Bybel van die volgende persone wat gevas het:

Moses het aan Israel gesê in Deut. 9:9:

> ***"Toe ek op die berg geklim het om die kliptafels te ontvang, die tafels van die vebond wat die Here met julle gesluit het, het ek veertig dae en veertig nagte lank op die berg gebly - brood het ek nie geëet en water nie gedrink nie."***

Toe Bátseba se baba besig was om te sterf het Dawid vir die kind gevas. 2 Sam. 12:16:

> ***"En Dawid het die aangesig van God gesoek vir die kind, en Dawid het 'n tyd lank gevas en na binne gegaan en die hele nag deur op die grond gelê."***

Om Israel te red van uitwissing het Ester die volgende uitgeroep in Ester 4:16:

> ***"Gaan heen, versamel al die Jode wat in Susan te vinde is, en vas julle om my ontwil; en julle moet nie eet en drink nie, drie dae***

> ***lank, nag en dag; ek ook met my dienaresse sal net so vas; en so sal ek na die koning ingaan, wat nie volgens wet is nie, en as ek omkom, dan kom ek om."***

God het Israel gehoor en hulle gespaar terwyl Haman toe tot die dood veroordeel is. Hy was die man wat die koning oorreed het om die Jode uit te roei.

*Ek wil jou egter vra dat wanneer jy vas dat jy dit nie sal doen sonder water nie. Wat gebeur het met Moses was nie die normale nie, maar was iets bonatuurliks.*

Toe Daniël uitgevind het dat die 70 jaar van ballingskap verby was in Babilon, het hy ernstig tot God gebid en gevas en ook belydenis gedoen van die volk se sondes - en ook van sy eie!

Ons lees hiervan in Daniël 9.

Jesus het veertig dae gevas! Matt. 4:1,2:

> ***"Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword."***

As Jesus dit nodig geag het om te vas voordat die duiwel met al sy versoekings gekom het, het jy en ek ook nodig om te vas sodat ons versoekings sal kan weerstaan.

## ***Niemand is te Oud om te Vas nie!***

Ons lees van Anna in Luk. 2:36,37:

> ***"En daar was Anna, 'n profetes...en sy was 'n weduwee van omtrent vier-en-tagtig jaar. Sy het nie weggebly van die tempel nie, en met vaste en gebede God gedien, nag en dag."***

Neem kennis dat die woorde in meervoud is "vaste en gebede" omdat sy dit dikwels gedoen het.

*Ek wil nie in hierdie boek lering gee oor vas nie. Ongelukkig is daar teenstrydige lering oor hierdie mooi saak. Maar graag wil ek onderstreep dat ons, ons gesindheid moet ondersoek rakende vas. Vas het beslis geestelike waardes.*

## **Wat is jou Gesindheid teenoor Studie?**

Om te studeer is een van die beste maniere om my denke te vernuwe. Rom. 12:2:

> ***"...word verander deur die vernuwing van julle gemoed..."***

Myles Munroe het gesê dat 'n boek is gevriesde gedagtes. Jy sit dit in jou "mikrogolf" (jou brein) en verhit dit om dit te geniet.

Ek wil jou aanmoedig om goeie boeke te lees. Die meeste van my lewe was ek 'n lui leser. Jy sal verbaas staan as jy al my argumente gehoor het. Vandag dank ek die Here dat Hy my 'n lus vir lees gegee het, meer as net my Bybel.

Maak net seker dat jy nie jou tyd mors om boeke te lees wat nie die moeite werd is om te lees nie. Want ek glo dat elke skrywer 'n geestelike impak maak in wat hy of sy geskryf het. As jy nie versigtig is nie kan daardie *"gees"* wat in die boek is jou beinvloed. Dink mooi wat ek hier skryf.

*Die beste boek egter om te studeer is natuurlik die Bybel, en jy studeer dit deur dit net eenvoudig te lees.*

Dawid stel dit so treffend in Ps. 119:11

> ***"Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek nie teen U sal sondig nie."***

Dink ook aan 2 Tim. 3:16 in Die Boodskap:

> ***"Die hele Skrif kom direk van God af. Daaruit kan ons so baie leer. Dit help ons om te wys waar mense die pad byster raak en om hulle weer reg te help. Uit die Skrif kan ons ook vir mense wys hoe God wil hê hulle moet leef."***

*Dissiplineer jouself om die Bybel te lees, en bly lees totdat dit met jou persoonlik praat!*

## Wat is Jou Gesindheid teenoor Jouself?

Bepaal watter dinge beheer jou lewe, en neem 'n duidelik besluit hoe jy daaroor moet dink en voel in jou hart. Jy het die mag om te besluit wat is reg of verkeerd vir jou.

- Werk aan 'n gesindheid van eenvoud. Ons praat nie nou van "eenvoudigheid" nie, maar van "eenvoud".
- Koop net wat gebruik kan word.
- Verwerp enigiets waaraan jy verslaaf kan word.
- Kweek 'n gewoonte om dinge te kan weggee. Baie van wat ons besit het ons nie nodig nie. Moenie opgaar nie.
- Weier om altyd die nuutste op die mark te besit.
- Geniet dinge sonder om dit te besit.

## Jou Gesindheid sal die vlak van Geloof bepaal

Dit sou Israel net agt-dae geneem het om hul beloofde land te bereik. Maar tien spioene met die verkeerde gesindheid het verhinder dat Israel hul beloofde land in besit kon neem.

Na veertig-dae was tien van die twaalf spioene se gesindheid:

***"Daar is reuse en ons is soos sprinkane...."***

## Jou Gesindheid kan Deure Oopmaak

Ons lees die volgende van Kaleb in Numeri 14:24:

> ***"Maar omdat My dienaar Kaleb 'n ander gesindheid het en My getrou gevolg het, sal Ek hom inbring in die land wat hy gaan verken het, en sy nageslag sal dit besit."***

Die gesindheid in Kaleb was uitstaande, daarom word daarvan melding gemaak in ons Skrifgedeelte. God was so tevrede met Kaleb dat hy die belofte ontvang het om te kon ingaan in die beloofde land. Meer nog, dat sy nageslag ook die land in besit sou neem. Kan jy sien hoe maak die regte gesindheid deure vir 'n mens oop?

Kaleb was die een wat geglo het dat by God alle dinge moontlik was en dat Israel hul vyande sou verslaan. Hy was ook die een wat homself nie gesien het as 'n sprinkaan nie.

Jou gesindheid sal bepaal of God die deur van seëninge vir jou gaan oopmaak en of jou nageslag ook geseën gaan word.

Net jy (en die Here) weet watter soort gesindheid in jou hart is. Wees eerlik met jouself en indien jy besef dat jou manier van dink en voel nie tot eer van die Here is nie, is dit jy wat 'n besluit moet neem om dit te verander.

Verander jou denke en dan verander jy ook jou hele lewe. Dan verseker jy jou eie toekoms asook jou nageslag wat nog kom. As jou gesindheid reg is sal dit vir jou deure oopmaak.

### *Wat Dink Jy Van Jouself?*

*Hoe sien jy die siekte wat so skielik oor jou of oor jou geliefdes gekom het? As jy dit soos 'n reus sien en jouself soos 'n sprinkaan het jy verloor nog voordat jy begin het.*

### Wat van Onderwerping?

Onderwerping sal jou help om verlos te raak van om dit altyd te wil hê soos jy dit wil hê. Onderwerping maak ander se drome ook belangrik. Markus 9:35 is 'n groot waarheid. Dit is waar Jesus gesê het:

> ***"As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees."***

1 Petrus 5:5,6 (Die Lewende Bybel)

> ***"Julle moet almal bereid wees om mekaar met nederigheid te dien. Die Skrif sê mos: 'God is gekant teen hoogmoedige mense maar Hy doen goed aan die wat nederig is.' Buig laag onder God se sterk hand, dan sal Hy self vir julle eer gee op die oomblik wat Hy daarvoor bepaal het."***

### *Aan Wie Moet Ons Onsself Onderwerp?*

- Ons moet ons aan God onderwerp. (Jak. 4:7)
- Onderwerp jou aan die gesag van Sy woord.
- Onderwerp jou aan jou familie. Luister gerus na hulle.
- Onderwerp jou aan jou broers en susters in jou gemeente.

### Wat van wanneer jy moet Dien?

Iemand het gesê:

*"As the **cross** is the sign of submission, so the **towel** is the sign of service."*

Jesus het die voorbeeld gestel om Sy dissipels se voete te was.

Ons lees daarvan in Joh. 13:14,15.

En in Matt. 20:26-28 het Jesus gesê:

> ***"...elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskeg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien..."***

As ons self wil besluit wanneer ons wil dien, is ons nog in beheer. Dit is dan wanneer ons besluit wie ons wil dien en wanneer ons wil dien. Maar as ons besluit om 'n dienskneg te wees, gee ons alle regte op om in beheer

te wees. Diens is 'n wyse van lewe en nie net 'n spesifieke handeling om iets te doen nie.

Hoe verstaan jy Lukas 17:10?

> ***"...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen."***

**Wanneer jy moet Luister?**

Dit is belangrik om na ander mense te luister – en kyk hulle in hul oë as jy na hulle luister. Dit is 'n verkeerde gesindheid om weg te kyk terwyl iemand met jou praat.

As ons kan leer om na ander mense te luister sal ons baie keer hoor hoe God deur hulle tot ons spreek.

**Jou Gesindheid ss jy Aangeval word?**

Die normale menslike reaksie wanneer ons aangeval word is, om onsself te verdedig en selfs hulle wat ons aanval, te verneder. Die Bybel se lering rakende ons gesindheid, is treffend, soos wat ons lees in 2 Kon. 6.

Dit gaan oor die profeet Elisa wat die koning van Israel op hoogte gehou het van die Arameërs se aanvalle teen hulle.

Die koning van Sirië het sy offisiere in die geheim bymekaar gebring om uit te vind wie van sy mense was aan Israel se kant. (verse 11,12)

Daar het hy gehoor dat Elisa geweet het wat hy in sy slaapkamer gepraat het. Woedend hieroor, stuur hy 'n groot leermag om Elisa in hegtenis te neem.

Elisa se dienskneg het hom boeglam geskrik toe hy die leermag om hul stad gesien het, en vra vir Elisa wat hulle moet maak. In vers 16 antwoord Elisa hom met:

> ***"Vrees nie; want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is."***

*Wat 'n gesindheid!*

Elisa bid toe dat die leermag blind sou word en lei hulle tot binne Samaria, waar hulle omring was met Israel se soldate.

Israel se koning vra of hy almal moes verslaan? 'n Mooi gesindheid kom na vore toe Elisa sy koning belet om dit te doen.

Die klimaks van ons verhaal vind ons in verse 22,23, waar Elisa vir Israel se koning gesê:

> ***"Sit aan hulle brood en water voor, dat hulle kan eet en drink en na hulle heer kan trek. En hy het hulle 'n groot maaltyd berei; en nadat hulle geëet en gedrink het, laat hy hulle gaan..."***

*Moenie mense wat jou skade wil doen probeer vernietig nie.*

## Glo dat "Goedheid en Guns" jou sal volg

Psalm 23:6

> ***"Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe..."***

God se guns maak dat ander mense jou voorkeurbehandeling sal gee. Het jy dit al ondervind?

Wanneer jy bewus is dat God se guns in jou lewe is, sal jy ervaar dat spesiale seëninge oor jou sal kom. Mense sal goed aan jou wil doen, omdat God se goedheid en guns jou sal agtervolg en jou inhaal.

Het jy al God se guns ondervind in die Supermark of in 'n winkel waar jy iets gekoop het? Die verkoopsman het jou 'n spesiale afslag gegee? Dit was nie net jou gelukkige dag nie maar God se guns. Dink ook aan daardie dag op 'n lughawe en selfs in die vliegtuig, toe jy "ge-upgrade" was? Alles was God se guns oor jou lewe.

Ek onthou die dag toe Emirates Lugredery se staf, daar in die vliegtuig iewers oor Afrika, my bederf het met my verjaarsdag. Daardie nag het hulle my bedien met kaaskoek en blomme.

Ek het só spesiaal gevoel en geweet dit was God se guns.

## Wat is jou Gesindheid teenoor Die Dood?

Toe my broer my gebel het om te sê dat my pappie oorlede is, het die volgende Skrif tot my gekom uit Psalm 112:1,7

> ***"Welgeluksalig is die man wat die Here vrees...Hy vrees nie vir slegte tyding nie; sy hart is gerus, vol vertroue op die Here."***

Dit behoort ons gesindheid te wees omdat ons gelowiges is.

Ek het in 'n Siekeboeg gaan bid vir 'n man wat al amper 'n jaar besig was om te sterf. Voor ek vertrek het 'n predikant se vrou, wat daar werk, saam met my na die voordeur gestap en gesê: *"Hoekom hou ons so vas aan die lewe, terwyl die enigste manier om hemel toe te gaan is om dood te gaan?"*

Toe ek daar wegry het ek diep gedink oor hierdie woorde!

Fil. 1:21-23:

> ***"Want vir my is die lewe Christis en die sterwe wins. Maar as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid; en wat ek sal kies, weet ek nie. Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste..."***

Jesus maak hierdie verklaring in Joh. 11:25,26:

> ***"Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?"***

Psalm 116:15:

> ***"Kosbaar is in die oë van die Here die dood van Sy gunsgenote." Die Nuwe vertaling lees só: "Vir die Here is die dood van Sy getroue dienaars geen geringe saak nie."***

**Wat is jou Gesindheid teenoor Waarheid?**

Jesus het gesê in Joh. 8:32:

> ***"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."***

***Toets altyd jouself hoe jy voel en dink oor waarheid.***

- Waarheid kom altyd die eerste keer negatief tot jou! Toets hierdie stelling en jy sal uitvind dat dit is so.
- Ek is grootgemaak in 'n kerk en tog was dit 'n uitdaging toe ek verneem dat ek tot bekering moes kom. Ek het in 'n leuen gelewe, want ek het geglo my lidmaatskap was my kaartjie hemel toe.
- As jou gesindheid is om altyd die waarheid te praat sal jy uitvind dat dit nooit nodig sal wees om te onthou wat jy gesê het nie.

- Wat is jou gesindheid oor vergifnis? Onthou: As jy besluit om nie te vergewe nie is dit soos iemand wat gif drink en hoop iemand anders sal sterf.
- Daar is iets soos "normale vrees" daarom spring jy uit die pad van 'n groot aankomende vragmotor. Die meeste dinge wat ons vrees gebeur in elk geval nooit!
- Daar is krag in saamstem. En die twee mense wat moet saamstem is man en vrou. (Matt. 18:19)
- Moet nooit veg teen duisternis nie. Skakel net die lig aan!

Weet jy hoekom gee ek genade? Omdat ek baie genade nodig het.

*A D D E N D U M*

# 'N PRAKTIESE VOORBEELD

## 'n Praktiese voorbeeld van 'n Goeie Gesindheid

Ekself is nie 'n 'All Black fan' nie maar wat gebeur het net na die eindstryd tussen Nieu-Seeland en Australië op Twichenham, die 31ste Okt. 2015, het my aangegryp.

Sony Bill Williams is 'n All Blacks senter asook 'n swaargewig bokser. Hy was toe 30 jaar oud en gebore op 3 Augustus 1985. Hy weeg 108 kilogram en is 1.94 meter lank. Hy en Alana het drie kinders: John, Denise en Niali.

Sy gesindheid teenoor 'n bewonderaar op Twickenham net nadat die All Blacks die Web Ellis Beker gewen het was merkwaardig. Dit was toe 'n 15 jarige seun, Charlie

Lines, gehardloop het om Sonny Bill Williams geluk te wens met hul prestasie.

‘n Veiligheidswag het hom die seun met ‘n plettervat platgeduik voordat hy by Williams kon uitkom. Sonny Bill Williams het die seun opgetel en na sy vader geneem. Net daar het hy sy goue medalje oor die nek van die seun gehang.

Sy woorde was: *"I am sure that he'll remember it. I'm happy that he has it because I know that he will really appreciate it. When he's older, he can tell the story to his children."*

## Die Sunamitiese vrou in 2 Konings 4

Elisa, die profeet, het dikwels Sunem besoek. Daar was ‘n huis waar hy gereeld vertoef het om te eet en te rus. Dit is hier waar ons lees van die Sunamitiese vrou en haar gesindheid.

Eendag het sy aan haar man gesê:

> ***"Kyk tog, ek merk dat dit ‘n heilige man van God is wat gedurig by ons verbygaan; laat ons tog ‘n klein ommuurde bo-kamer maak, en laat ons daar vir hom ‘n bed en ‘n tafel en ‘n stel en ‘n lamp neersit; wanneer hy dan by ons kom, kan hy daar intrek."*** (v. 9,10)

Elisa was so verheug in wat sy vir hom gedoen het dat hy haar gevra het wat kon hy vir haar doen? Kon hy vir

haar 'n goeie woord by die koning doen? Sy het hom laat verstaan dat sy heeltemal gelukkig en tevrede was.

Wat ek hier leer, rakende haar gesindheid, was dat sy iemand was wat **vergenoeg** was.

Elisa se dienskneg, Gehasi, het egter gesê:

> ***"Voorwaar, sy het geen seun nie, en haar man is oud**." (v. 14)*

Elisa het haar laat roep en profeteer toe oor haar, soos volg:

> ***"Sulke tyd oor 'n jaar sal jy 'n seun omhels."*** (v. 16)

Dit was vir haar teveel om te glo, maar sy het wel swanger geword en presies 'n jaar later, geboorte gegee aan 'n seun.

Toe haar seun 'n mooi jongman was het hy eendag saam met sy pa gegaan om die oes in te samel. Hy het sy kop vasgegryp en vir sy pa gesê dat hy geweldige pyn in sy kop gehad het.

Dit is duidelik dat hy nie kon loop nie en een van die dienaars moes hom gedra na hul huis. Daar het hy op sy moeder se knieë gesit totdat hy gesterf het. (v.19,20)

Hierdie vrou, en nie haar man nie, het met die trappe opgeklim en haar seun op Elisa se bed neergelê. (v.21)

Sy het dadelik met 'n esel vir Elisa opgesoek, alhoewel haar man haar probeer keer het om te gaan. Hy was van

mening dat dit nie die regte tyd was om dit te doen nie. (v. 22,23)

Haar antwoord aan haar man was: *"Wees maar gerus."*

In vandag se taal sou sy gesê het: *"Ontspan jy maar net, want ek word gedryf om dit te doen."*

Nog 'n mooi eienskap van die gesindheid wat in haar was – was om nie maklik moed te verloor nie. Vir die dienaar wat saam met haar gery het, het sy gesê:

> ***"Jaag aan en gaan voort; hou my nie op in dié tyd nie, behalwe as ek jou sê."*** (v. 24)

Sy het Elisa op die berg Karmel gekry. Om te dink sy moes die berg Karmel aangedurf het om by Elisa uit te kom! Praat van deursettingsvermoë? Dit is wat die regte gesindheid sal bring.

Elisa vra haar:

> ***"Gaan dit goed met u? Gaan dit goed met u man? Gaan dit goed met u kind? En sy antwoord: "Goed."***

Deur al hierdie trauma het haar gesindheid (hoe sy voel en dink) nie verander nie, maar het sy positief gebly. Wat uit haar mond gekom het was nie 'n klaaglied nie, maar was dat dit met haar goed gaan tenspyte van haar omstandigheid.

Ons lees in vers 27:

> ***"Maar toe sy by die man van God op die berg kom, het sy sy voete gegryp. En Gehasi het aangekom om haar weg te stoot; maar die man van God sê: Laat haar staan, want haar siel is bitter bedroef in haar, en die Here het dit vir my verberg en my dit nie meegedeel nie."***

*Daar is dus tye dat God nie alles aan ons sal openbaar nie.*

Hierdie Sunamitiese vrou het toe alles vertel aan Elisa ook dat haar seun dood is. Elisa het Gehasi gestuur om sy staf op die dooie seun te gaan lê. Maar sy was desperaat en wou nie Elisa los nie. Daarop het hy opgestaan en agter haar aan geloop.

Ek raak opgewonde as ek hierdie soort gesindheid sien.

Intussen het Gehasi terug gekom met die nuus dat niks met die seun gebeur het nie. Sy woorde was:

> ***"Die seun het nie wakker geword nie."***

Elisa het ingegaan by die seun en die deur toegesluit. Hy het drie keer op die seun gaan lê.

Ons lees die volgende in verse 34,35:

> ***"Daarop klim hy op en gaan lê op die kind en sit sy mond op dié se mond en sy oë op dié se oë en sy hande op dié se hande en buig oor hom neer; en die vlees van die kind het warm geword. Daarop het hy teruggekom en in die huis een keer heen en weer geloop, om dan***

> ***opnuut op te klim en oor hom neer te buig; en die seun het sewe keer genies; en die seun het sy oë oopgemaak."***

Die Sunamitiese vrou het voor Elisa se voete neergeval en haar seun opgetel – met lof en dankbaarheid teenoor God

---

# Dink Anders en Verander  Jou Gesindheid

*~ Riaan Gouws*

Daar was 'n Spinasie mite tydens die tweede wêreld oorlog. Omdat vleis skaars was het die Weermag hoofde die soldate oortuig dat Spinasie net so goed was soos vleis.

Dit het die soldate se gesindheid verander om Spinasie te geniet. Eers jare later is ontdek dat dit nie die waarheid was nie maar slegs 'n mite.

**Ek het Christus se Gedagtes.**

Daar is 'n reuse verskil tussen om in Jesus te glo en te glo soos Jesus. Soms beleef jy vryheid tydens 'n kerkdiens, maar om in ware vryheid te leef, is moeilik indien jy verkeerd dink. Besef dat jou gedagtes verander moet word na die gedagtes wat God oor jou het. Sy gedagtes oor jou is die waarheid van wie jy is. En hierdie **waarheid** maak ons vry.

**Joh. 8:31,32:**

> ***"En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."***

Kyk na die woord *"bly"* in hierdie teks.

In Engels is dit *"abide"* en beteken *"continue without fading or being lost"* of dan *"Voortdurend"* en om

oorwinning te hê in elke area van jou lewe. Dit beteken om waarlik te glo wat God jou gemaak het en om basies geen ander gedagtes toe te laat as God se gedagtes oor jou nie.

**2 Cor. 16-20** (Amplified)

> ***"So from now on we regard no one from a human point of veiw [according to worldly standards and values]. Though we have known Christ from a human point of view, now we no longer know Him in this way. Therefore if anyone is in Christ [that is, grafted in, joined to Him by faith in Him as Savior], he is a new creature [reborn and renewed by the Holy Spirit]; the old things [the previous moral and spiritual condition] have passed away. Behold, new things have come [because spiritual awakening brings a new life]. But all these things are from God, who reconciled us to Himself through Christ [making us acceptable to Him] and gave us the ministry of reconciliation [so that by our example we might bring to Him], that is, that God was in Christ reconciling the world to Himself, not counting people's sins against them [but canceling them]. And He has committed to us the message of reconciliation [that is, resoration to favor with God]. So we are ambassadors for Christ, as though God were making His appeal through us, we [as Christ's representatives] plead with you on behalf of Christ to be reconciled to God."***

## ‘n Nuwe Hart bring nuwe Denke

Sonde is die **ompad** wat nooit vir ons bestem is nie.

Leef van die hemel na die aarde en nie andersom nie.

Met ander woorde, leef met ‘n hemelse uitkyk wie jy is.

**Romans 12:1,2** (The Amplified)

> ***“Therefore I urge you, brothers and sisters, by the mercies of God, to present your bodies [dedicating all of yourselves, set apart] as a living sacrifice, holy and well-pleasing to God, which is your rational (logical, intelligent) act of worship. And do not be conformed to this world [any longer with its superficial values and customs], but be transformed and progressively changed [as you mature spiritually] by the renewing of your mind [focusing on godly values and ethical attitudes], so that you may prove [for yourselves] what the will of God is, that which is good and acceptable and perfect [in His plan and purpose for you].”***

Jy is nie meer net ‘n gewone mens nie. Want Christus leef in jou – JY IS ANDERS!

## Ons Gevoelens is gewortel in ons Oortuigings

Waar kom my negatiewe gedagtes vandaan?

**Proverbs 29:18** (MSG)

> ***"If people can't see what God is doing, they stumble all over themselves. But when they attend to what He reveals, they are most blessed."***

**Sien soos wat God Sien**

**Rom. 15:13** (Die Boodskap)

> ***"Ek bid dat God in wie julle al julle hoop stel, elke gedeeltetjie van julle geloofslewe sal vol maak met blydskap en vreugde. Dan sal julle, deur die groot krag van die Heilige Gees in julle lewens, altyd oorvloedige hoop hê. Dan sal julle onwrikbaar vashou aan die Here, kom wat wil."***

*My huidige omstandighede is die resultaat van my vorige denkpatrone, my toekoms hang af van hoe my hoop my denke verander.*

**Christus is ons Hoop**

**Col. 1:27** (Amplified)

> ***"God [in His eternal plan] chose to make known to them how great for the Gentiles are the riches of the glory of this mystery, which is Christ in and among you, the hope and guarantee of [realizing the] glory."***

Sonder hoop kan jy nie geloof hê nie, en sonder geloof is die wêreld 'n gebrekkige plek om in te woon.

***Glo dat jou toekoms rooskleurig sal wees.***

Glo dit, sê dit en leef daarvolgens. Dan sal God se beloftes vir jou 'n belewenis en 'n werklikheid wees. *Jy kan jou toekoms verander deur jou gedagtes vandag te vernuwe.*

**Rom. 12:11,12** (Die Lewende Bybel)

> ***"Moenie sleepvoet wees in julle toewyding nie, wees entoesiasties, wees werklik diensbaar vir die Here. Wees bly oor die wonderlike toekoms wat God vir julle beplan."***

***Watter area van jou lewe is nog onder die invloed van 'n leuen? Verbreek die leuen deur reg te dink!***

***Verklaar die volgende:***

- *"Ek het Christus se gedagtes."*
- *"Deur God se genade kan ek my denke vernuwe."*
- *"Die Here voorsien my met hoop."*
- *"My toekoms is rooskleurig."*